

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

3 : 1995



GRADE DAG! GENIET DIE GELUKWENSINGE, VIER FEES ... EN KRY DIE REGTE KONTAKTE.



SO PAS GRAAD ONTVANG EN OORGEHAAL OM DIE BOONSTE SPORT TE BEREIK? Durf die wêreld aan. Jy, jou graad en SABINET, die inligtingeskundiges. SABINET se dienste is net so veelsydig soos jy.

WEES ALTYD EEN VOOR. Wat jou loopbaankeuse ook al is, jy sal altyd toegang tot die beste inligting nodig hê en hoe vinniger hoe beter. SABINET is die logiese keuse as kommersiële inligtingsverskaffer. Kry SABINET se Explorer via die Internet of skakel in vir al die inligtingsdienste wat jy ooit sal benodig - meer as 200 miljoen items met inligting in 300 potensiële nasionale en internasionale databasisse.

DIE KONTAK. Al wat jy nodig het, is 'n rekenaar en 'n modem. Ons voorsien die sagteware. Dis des te beter as jy reeds aan Internet, UniNet, OpeNet of X.25 gekoppel is. Jy kan Explorer deur enige TCP/IP-netwerk bereik.

DIS BEKOSTIGBAAR. Aanpasbaarheid is een van die hoekstene van ons diens. Inligtingsverorberaars en groot instellings sal baat vind by ons eenmalige jaarlikse intekening. Periodieke gebruikers en klein instellings sal waarskynlik die betaal-soos-jy-gebruik opsie verkie. Jy kan jou koste self bepaal deur die hoeveelheid soekenhede te koop wat jou pas.

NET SO MAKLIK GEDAAN AS GESÉ. Hoekom kosbare tyd tydens soektoge mors as Explorer dit veel vinniger kan doen? Dis so maklik om verwysings na tydskrifartikels en boeke op te spoor! Draf deur die elektroniese databasisse vir die inligting wat jy nodig het. Bestel dan die fisiese artikel elektronies - ontvangs daarvan geskied elektronies, per faks of per pos.

'N WÊRELD SE INLIGATION IS BINNE JOU BEREIK. Of jy 'n entrepreneur is wat nuwe tegnologieë oorweeg of 'n nagraadse student wat dit ontwikkel, Explorer sorg vir al jou inligtingsbehoeftes. Alle universiteite is aan die Internet gekoppel. Die meeste sake-instellings wat nog nie Internet het nie, is besig om dit aan te skaf of beskik reeds oor inskakelfasiliteite.

INLIGATION IS MAG. Span Explorer op die kampus of in jou nuwe werk-omgewing in. Wanneer jy inligting nodig het om 'n referaat te lever, of vir strategiese beplanning, besluitneming, mark- en produksionsvorsing, die ontwikkeling van menslike hulpbronne, finansiële- en aankoopbestuur, en 'n magdom ander gebruike.

SO BAIE VIR SO BIETJIE. SABINET lewer boonop gratis ondersteuning en advies as deel van al sy dienste.



SABINET

DIE BETROUbare INLIGATIONSBRON

SABINET, Posbus 9785, Henndopsmeer 0046

Tel (012) 663-4954/9

E-pos: sabinet@info1.sabinet.co.za

Oos-Londen



Die Direkteur van Openbare Betrekkinge, Johan Fechter (regs agter) by die drie egpare wat as lede van die Oud-Matjie-skakelkomitee die reünie in Oos-Londen gereël het. Van links is David en Elizma Mellville, Reynette en Marius Fryer en Mozelle en Warwick Hojam.

Pietermaritzburg



Prof. Flip de Wet, Direkteur van Studentesake, was die geleentheidspreker by die saamtrek in Pietermaritzburg. By hom (links) is sy vrou, Hester, Danie Schutte, Erna Mostert, Alpha Schutte en Nic Mostert.

Dirk Vercuil, Susan Wiese en Pierre le Roux (adjunkhoof van die Hoërskool Voortrekker) saam met Cecile en André de Wet.



Verskeie "houtkappers" soos hulle hulself noem, was onder die reüniegangers in Pietermaritzburg. Dié oud-Bosboustudente en hul metgeselle is Graeme Wild, Hanlie Germishuys, Susan Wiese, Duan Roothman, Christelle en Almo Bouwer, Celeste Hanekom en Jurgen Schutte.



Springbok



James Stone, Andries Schreuder (voorsitter van die Oud-Matjie-skakelkomitee) en Hannes de Jongh van Openbare Betrekkinge, US.



Braam Esterhuysen, Bettie Rossouw en Simon Wiese.



Janine en Armandt Visagie, Altie en Elmania Krige.

Pietersburg

Louis en René Blom, Rita Vorster, Marietjie en Danie Basson en Jakkie en Bernie Badenhorst.



Karin en Phillip Knoetze, Lynn en Louw Hoffman.

Mariëtte en Malan Pretorius, Paul Grobler en Liza-Marie Griebennouw.



Kimberley



Bernice en Mike van Rooyen saam met Irma Terblanche. Die Viserekotor (Bedryf), prof. Christo Viljoen, was die geleentheds spreker by dié saamtrek.



Janine en André Snyman.



Charmaine en Bennie de Wit.

Bloemfontein



Op die voorraand van die Curriebeker-semifinaal tussen WP en die Vrystaat het die Bloemfonteinse Oud-Maties reünie gehou by die Lapa van 1 Spesiale Diensbataljon. Hier is Johan Fechter (Direkteur van Openbare Betrekkinge, middel agter) saam met Nell-Marie van Heerden en Santjie Viljoen, en (voor) Pieter en Reinette Hamilton en Sarette de Jager.

Harmonie hou elke vyf jaar reünie. 'n Harmonie Oudstudente-bond is onlangs ge-stig, en beplan reeds die volgende reünie, in die jaar 2000, asook die koshuis se eeufeesviering in 2005. Oud-Harmoniete kan hul name en adresse stuur aan die bond, p.a. die Prinsipale, Harmonie, Universiteit, Privaatsak X1, Matieland, 7602; tel. 021-8082433.

Republiek vier halfeeu

Die Republiek van Helderberg gaan sy 50ste verjaardag in 1996 vier. Alle oudinwoners van dié koshuis kan in verbinding tree met die huiskomitee (tel. 021-886-4581) of die Inwonende Hoof, prof. Johan Cronjé (tel 021-808-2439); faks 021-808-4336.

Regsgleerdheid word 75

Die Fakulteit Regsgleerdheid, wat in 1921 tot stand gekom het, beoog 'n reünie van oudstudente in die naweek van 5 Oktober 1996, om die fakulteit se 75-jarige bestaan te vier. Die dekaan, prof. James Fourie, sê die fakulteit beskik reeds oor baie van sy oudstudente se adresse, en stuur die afgelope twee jaar gereeld nuusbrieve aan hulle. Talle van dié oudstudente se adresse is egter nog onbekend of verouderd, en prof. Fourie vra hulle moet asseblief die fakulteit skakel: tel. 021-8083195.



Erika Terblanche,
Hanna van Noordwyk
en Jack Burger.



Marie en Piet van Blerk.

Reünies

Harmonie



Oud-Harmoniete wat in die sestigerjare in dié koshuis was: Heel agter, van links: Louise Botha, prof. Bessie Visser (wat nou hoof is van die Departement Huishoudkunde, US), Marietjie Kritzinger, Riana de Villiers en Martina Kok. Middel: Anli Wilsenach, Marie Killian, Hermien (Soois) van Zyl, Sandra Uys, Igna van Jaarsveld, Petro Kitter en Annatjie Meyer. Voor: Estelle Hofmeyer, Elsie Strauss (heel voor), Sarie Bezuidenhout en Diane Marais.



Die oud-Harmoniete, wat elke vyf jaar reünie hou, het onlangs die koshuis se 90ste verjaardag gevier. By dié reünie was Mavis de Villiers (regs), haar dogter, Martie Heyl (links) en dié se dogter, Miemie Heyl - drie geslagte wat almal oud-Harmoniete is. Mev. De Villiers is die vrou van die US Raad se voorsitter, dr. David de Villiers, wie se oorlede ma, Lettie Bührmann, en dié se tante, Maatje Steenkamp, van die vroegste inwoners in Harmonie was. Mev. Martie Heyl se drie susters, haar man se suster en mev. Mavis de Villiers se een suster, mev Ursula Conradie (vrou van 'n afgetrede US-registratreur, mnr. Topper Conradie) is ook almal oud-Harmoniete.



In die September-vakansie is Simonsberg se 40ste bestaansjaar met 'n groot reünie gevier. Mnr. Jannie Engelbrecht, president van die Rugbyklub, en prof. Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf), was onder die Withuis se vroegste inwoners wat in Die Stal op Coetzenburg saamgekuier het op 'n dinee vir oud-Simonsbergers wat gedurende 1956-'70 in dié koshuis was. Vir die jonger garde (sedert 1971) was daar terselfdertyd 'n dinee in die Paarl.

Simonsberg



Johan Webb, Willem Pienaar en HP van der Merwe was ook onder die "ouer garde" by die Simonsberg-reünie.

Goodwood



Achter: Wessel Visser, Johan Pepler, Anton van Heerden, George Hayes en Mark Williams. Voor: Vanessa Hayes, Lindsay Visser, Lauren Davie en Vanessa Williams.



Prof. Andreas van Wyk (regs) was die geleentheids spreker by dié saamtrek wat in die Goodwoodse Burgersentrum gehou is. By hom is, van links, Willem en Susan Doman, Stella Rothman, Betsie Louw en Loutjie Rothman.

IN MEMORIAM



Mnr. Emile
Aucamp



Mnr. Flooi du
Plessis



Mev. Dorothy
Johnman



Mnr. Helmut
Meyer



Prof. Kobus
van Zyl

Herre onder leiding van prof. Gert Nel beplan; het daar met sy navorsing oor die vygiefamilie begin; het o.m. naam gemaak deur die oer-woestynplant *Welwitschia Mirabilis* van saad tot saad te kweek; het veral pionierswerk gedoen met die kweek van disas; is vereer deur die SA Orgideë-vereniging en die Stellenbosse Tuinbouvereniging.

Mnr. Michael David Müller van King William's Town; 'n vierdejaarstudent in chemiese ingenieurswese aan die US.

Ds. JAF (Hansie) Nieuwoudt (52) van Reitz, Vrystaat; B.A., B.Th. en M.Th.; was NG leraar te Groblershoop, Pretoria, Upington, Bethlehem en Reitz asook SANW-kapelaan.

Mnr. WA Pack (50) van Windhoek; B.Comm. (1968).

Mev. Annemie Rauch (geb. Opperman) (36) van Mosselbaai; B.Sc. (1979); was voorheen aan die Univ. Wes-Kaapland en 'n firma in Durban verbonde.

Mnr. Alan Ross-Roberts (64) van Knysna; B.Sc. (Bosbou) en Hons.B. (B. & A.) (1952, '83); gewese besturende direkteur van Thesen & Co. en 'n direkteur van Rand Mines; het 'n Fullbright-beurs gekry om sy meestersgraad in die VSA te behaal.

Mev. Rona Rupert (geb. Davel) (61) van Stellenbosch; B.A. (Musiek), S.O.D. (1953, '54); het ook in Amsterdam musiek gestudeer; was onderwyseres op Stellenbosch voor haar troue met mnr. Koos Rupert, vorige besturende direkteur en voorsitter van Rembrandt Groep; sy het 33 kinder- en jeugboeke geskryf en is bekroon met die C.P. Hoogenhout medalje, MER prys en Ou Mutual prys.

Mnr. NJ Stone (70) van die Strand; B.A., LL.B. (1945, '47).

Mnr. MS Steyn (86) van Durbanville; B. en M.Sc.Agric. (1930, '32).

Mnr. Douw G Steyn (29) van Stellenbosch; B.A., LL.B. (1991, '93).

Mnr. EL Uys (33) van Kaapstad; B.A., LL.B. (1981, '83) en 'n oud-Eendragter.

Mev. C Uys (geb. Potgieter) (36) van Heidelberg, Wes-Kaap; B. In Huish. Ed. (1980) en 'n oudinwoner van Heemstede.

Prof. JJ van As (71) van Clubview, Centurion, Gauteng; voorheen van Pietersburg; B.A., M.A. en (met lof) B.D. (1945, '46, '50).

Mnr. Louis van Biljon (68) van Jamestown, Oos-Kaap; het in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gestudeer; was 'n knap Matie-atleet wat in 1950 en '52 Springbokkleure verwerf het.

Dr. Fred J van den Berg (64) van Pretoria; B.Sc.Ing. (met lof), Ph.D.Ing. (1953, '59) en 'n oud-Dagbreker; was in 1965 'n stigerslid van 'n bekende Pretoriase raadgewende ingenieursfirma waarvan hy met sy afdrede in 1992 besturende direkteur was; het leiersamptie in verskeie professionele liggame beklee; het na sy afdrede in plaaslike raad van Heroldsbaai gedien.

Mnr. LJ van den Berg (58) van Windhoek; B.Mil. (1958).

Mnr. HJ van der Merwe (42) van Randburg; B.Sc., B.Ing. (1975) en oudinwoner van Dagbreek en Helshoogte.

Ds. WJ van der Merwe (57) van Bloemfontein; B.A., Licensaat in Teologie (1959, '63).

Mnr. Ian van der Merwe van Oudtshoorn, 'n eerstejaar B.Agric.-student en inwoner van Helshoogte wat in 'n motorongeluk oorlede is.

Mnr. FHC (Frik) van der Vyver (66) van Tzaneen, 'n prokureur en gemeenskapsleier.

Mnr. AA van Schalkwyk (82) van Bloemfontein; B.A., M.A., S.O.D. (1931-'33); onderwyser op Koffiefontein, Marquard en Edenburg; later verbonde aan Onderwyserskollege, Bloemfontein.

Prof. JJW (Kobus) van Zyl (74) van Bellville; MD (1966); afgetreden departementshoof van Algemene Chirurgie aan die US; het aanvanklik aan die Universiteit van Kaapstad en in Edinburgh, Skotland, gestudeer; sedert 1956 deeltyd aan die US verbonde; in 1968 professor geword; 'n medestigter van die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika; o.m. 'n jaar in die VSA navorsing gedoen; 'n jonger broer van wyle prof. Francie van Zyl, 'n stigter-dekaan van die Fakulteit Geneeskunde.

Ds. W van Zyl (69) van Parys; B.A., Hons.B.A. (1945, '68).

Mnr. Hensie Visser (74) van Port Elizabeth; B.Sc. (1941); oudinwoner van Dagbreek en eertydse privaatkoshuis Bergville.

Mnr. JF Wentzel (33) van Margate; B.A. (1981).•

**MATIELAND HET MET LEED-
WESE VERNEEM VAN DIE HEEN-
GAAN VAN DIE VOLGENDE US-
PERSONEELLEDE, OUD-MATIES,
MATIES EN ANDERE WAT 'N
VERBINTENIS MET DIE
UNIVERSITEIT GEHAD HET.**

Mev. MG Andrag (geb. Rode) (89) van Bellville; HPOD met lof (1926).

Mnr. Emile Aucamp (55) van Stellenbosch; hoofteatertegnikus van die Departement Drama, US, waaraan hy sedert 1966 verbonde was; betrokke by die oprigting van die HB Thom-teater; ook betrokke by die Oude Libertas-teater; het as akteur naam gemaak, o.m. met sy vertolking van "Oudok" in die televisie-dramareeks Arende, waarvoor hy vir 'n Artes-toekenning genomineer is; het in 1977 'n Rapport Oscar ontvang vir sy spel in *The Guest*.

Mnr. Albertus J Basson (53) van Klerksdorp, voorheen van Humansdorp; B.Agric. (1966); 'n oud-Eendragter.

Mnr. P. Benz (51) van Windhoek; B.Sc., B.Ing. (1972).

Mev. M.M. (Etha) Burger (geb. de Clerk) (96) van Montagu; B.A. en 'n onderwysersdiploma (1920, '22); het aan die Victoria Kollege begin studeer en was 'n inwoner van Harmonie; was 'n Latyn-onderwyseres.

Mev. Yda Buys (geb. Van Niekerk) (61) van Stellenbosch; B.A. (1953).

Mev. DC de Klerk (geb. Clarke) (75) van Johannesburg; Sert. In Liggaamsopvoeding (1939); oudinwoner van Huis ten Bosch.

Mnr. CN de Milander (55) van Risana, Johannesburg; B.Sc., B.Ing. (1964).

Mnr. JSM (Jannie) de Villiers (54) van Stellenbosch; Hons.B. (B. en A.), M.B.A. (1975).

Dr. JWL (Wynand) de Villiers (65) van die Wildernis; B.Sc., M.Sc. met lof en D.Sc. (1949, '51, '57); was sedert 1959 verbonde aan die Atoomenergie-raad, voorloper van die Atoomenergielorporasie waarvan hy tot sy dood nie-uitvoerende voorsitter was; was nou betrokke by die kommersialisering van die korporasie; het in 1991 die Medalje vir Uitnemende Diens (goud) van die Staatspresident ontvang.

Mnr. PW Dreyer (88) van Lynnwood, Pretoria; B.A., S.O.D. (1931, '32).

Mnr. Francois (Flooi) du Plessis (77) van Clanwilliam; B.A. (1938); wat in 1983 as hoofbibliotekaris van die Universiteit afgetree het en na wie die Africalokaal in die JS Gericke-biblioteek vernoem is; het as digter naam gemaak, onder meer met *Rympiesboek vir kinders* waarvoor hy die SA Akademie se CP Hoogenhout prys vir kinderlektuur ontvang het, en 'n Ding wat byt; het gedurende sy lang dienstyd aan die Universiteitveral bygedra tot die uitbou van die biblioteek se dokumenteversameling; het ook bygedra tot die instelling van 'n vrye provinsiale biblioteekdiens in die destydse Kaapland.

Mev. Lenie Eijdenberg (geb. McLachlan) (80) van Parow; B.Sc. (1935).

Dr. JF Enslin (81) van Waterkloof, Pretoria; B.Sc. met lof, M.Sc. en D.Sc. (1934, '35, '44).

Mnr. JC (Christoff) Erasmus (49) van die Universiteit van Fort Hare; B.Sc., S.O.D. (1966, '67) en oud-Eendragter; was lank verbonde aan die US se Afdeling Dataverwerking (nou Administratiewe Rekenaardienste) asook Studentevoorligting; was daarna ook aan die Kaapse Technikon verbonde.

Mnr. K. Georgala (39) van Nelspruit; B.Ing. (1979).

Mnr. Charles Johann Gerstner (43) van Napier; B.A. (1975).

Mnr. CLJ Goussard (79) van die Paarl; D.O.S.K., H.P.O.D. (1943, '52).

Mnr. FR Harris (65) van George; B.A., LL.B. (1949, '51).

Mev. Dorothy Johnman (89) van Stellenbosch; 'n oudstudent van die Konservatorium, waar sy onder prof. Hans Endler gestudeer het; het ook in Londen gestudeer; was getroud met wyle mnr. Charles Johnman, dosent in Engels aan die US; sy het drie pryse vir Konservatoriumstudente help instel.

Mnr. GA van L Jourdan (85) van Worcester; B.Comm. (1933).

Mnr. Melt Kloppers (53) van Riversdal; B.A., LL.B. (1963, '65) en 'n oud-Simonsberger.

Dr. CS Kotze (62) van Pretoria, waar hy aan die Transvaalse NG Kerk-Argief verbonde was; B.A., en met lof B.Th., Hons.B.A., Lisensiaat in Teologie en M.Th., asook D.Th. (1953-'78).

Mnr. BJ Krige (71) van die Strand; B.Agric. (1945); oud-Wilgenhoffer.

Mnr. J le Roux (73) van Bonnievale; B.Agric. met lof (1945); oud-Dagbreker.

Mnr. JJM Loots (79) van die Strand; B.Sc., S.O.D. (1937, '38); oud-Wilgenhoffer.

Dr. HA Lückhoff (78) van Durbanville; B.Sc., M.Sc. en D.Sc. in Bosbou (1937-'64); het in 1980 as hoofdirekteur: bosbounavorsing en inligting by die SA Nasionale Instituut vir Bosbou in Pretoria afgetree; was bekend om sy diepgaande kennis van boskultuur; het talle publikasies geskryf.

Ds. Paul D. Lückhoff (81) van die Strand; B.A. (1934).

Mev. MH Loots (geb. Van Schalkwyk); B.A. (1933) en oud-inwoner van Monica; was getroud met dr. ZB Loots wat predikant op Philipstown, Murrayburg, Franschhoek en Stellenbosch was.

Mev. Doret Marais (geb. Van der Merwe) (58) van Rosebank, Kaapstad; was 'n inwoner van Sonop en huiskomiteelid van Lydia; 'n onderwyseres en orreliste; getroud met ds. Floris Marais.

Mnr. RR (Ronnie) Melck (61) van Stellenbosch; B.Agric. (1957) en 'n oud-Helderberger; afgestreden besturende direkteur van Stellenbosch Boerewynmakery; 'n kleurryke persoonlikheid in die wynbedryf, wat internasionaal bekend was.

Mnr. Helmut Meyer (87) van Stellenbosch, wat tot 1975 altesaam 45 jaar aan die Botaniiese Tuin van die Universiteit verbonde was; het as seun van 'n Duitse sendeling in Namakwaland grootgeword waar hy vetplante in die veld begin bestudeer het; is op eie koste na Duitsland om homself as tuinboukundige te bekwaam, o.m. in Tübingen en München; het die US se Botaniiese Tuin saam met dr. Hans



Prof. Rufus Gouws van die Departement Afrikaans en Nederlands is onlangs verkies tot voorzitter van 'n nuwe vakvereniging vir leksikografie, Afrilex (African Association for Lexicography). Dit is gestig om Suid-Afrika en die res van Afrika te laat inskakel by 'n georganiseerde deelname aan die internasionale gesprek oor woordeboeke. Suid-Afrikaanse taalkundiges het die leiding hiermee geneem. Dr. R.R.K. Hartmann, direkteur van die Dictionary Research Centre aan die Universiteit van Exeter in Engeland, het die stigtingsplegtigheid waargeneem. Hy het ook die stigting van Euralex (European Association for Lexicography) gelei. Daar is in die afgelope twee dekades 'n aktiewe internasionale oplewing in die belangstelling in woordeboeke. Leksikografie, die taalwetenskaplike studie van woordeboeke, het in dié tyd ontwikkel tot 'n volwaardige sub-dissipline van die taalkunde. Ook in Suid-Afrika en in Afrika is daar tans 'n toenemende belangstelling in die leksikografie, o.m. omdat daar so 'n groot behoefte aan nuwe en verbeterde woordeboeke bestaan.



Prof. Pieter van der Bijl (Departement Mondgeneeskunde en Periodonsie in die Fakulteit Tandheelkunde) het die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika se gesogte Julius Staz-studiebeurs vir 1995 ontvang. Dit het hom in staat gestel om 'n navorsingslaboratorium in Amerika te besoek. Prof.

Van der Bijl het 'n doktorsgraad in chemie aan die Universiteit van Kaapstad behaal en aan die Universiteit van Leiden, Nederland, die eerste navorsing geword wat die koolhidratesamestelling van die laedigheidlipoproteïne van menslike serum kon bepaal. Hy het hom daarna aan die US as tandarts bekwaam, 'n honneursgraad in farmakologie met lof verwerf en was 'n dosent in farmakologie (Fakulteit Geneeskunde) voordat hy na sy huidige pos oorgeskakel het. In 1986 het hy ook 'n prestigebeurs van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika verwerf, waarmee hy die onderrig van farmakologie aan tandheelkundestudente in Suid-Afrika, Amerika en die Verenigde Koninkryk bestudeer het.



Prof. Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf) is deur die Elektroniese Industrieë Federasie (EIF) vir twee jaar tot beskermheer verkies. Die EIF verteenwoordig al die elektroniese vervaardigsondernemings in Suid-Afrika.



Prof. Albert Rooseboom (Departement Siviele Ingenieurswese) is deur die minister van waterwese as 'n lid van die nuwe Waternavorsingskommissie aangestel. Die kommissie sorg vir die strategiese beplanning, inisiëring, befondsing en koördinering van waternavorsing. Prof. Rooseboom, 'n dosent in waterboukunde, is 'n deskundige in rivierhidroulike en sedimentvervoer in riviere. Hy het in 1994 vir sy navorsing 'n ere-toekenning van die Instituut vir Siviele Ingenieurswese gekry en is ook as die Fakulteit Ingenieurswese se Navorsing van die Jaar aangewys. Die Amerikaanse "Federal Energy Regulatory Commission" het hom onlangs genoeg om drie lesings in die VSA aan te bied.



Mnr. Sunley Uys, direkteur van die US Stigting, is verkies tot voorzitter van Unitech - die vereniging vir skakelmense van universiteite en teknikons in Suid-Afrika. Sowat 160 afgevaardigdes van 40 tersiêre instansies was by Unitech se onlangse jaarkongres. Die Ford Foundation het R370 000 aan Unitech geskenk om, met die hulp van kundiges van die "Council for the Advancement and Support of Education" (CASE) van die VSA, vir Unitech-lede opleidingwerkwinkels aan te bied.

Personellede vir 750 jaar vereer

Dertig personeellede wat elkeen minstens 'n kwarteeu lank by die Universiteit werk, het in Oktober toekenning van die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, ontvang.

Onder hulle is die dekaan van Regsgeleerdheid, prof. JSA Fourie. Die ander akademiese personeellede is proff. PW Grobbelaar (Afrikaanse Kultuurgeskiedenis), WD van der Walt (Rekeningkunde), CW van Wyk (direkteur van die Instituut vir Mond- en Tandheelkunde), JC Morgenthal (Mens- en Dierfisiologie), JA du Plessis (Afrikatale) en JJ du Plessis (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) asook dr PE Claassen (Stads- en Streeksbeplanning), me H du Plessis (hoof van die Departement Musiekopvoedkunde), dr RD Sanderson (direkteur van die Instituut vir Polimeerwetenskap) en mnr A van Rooyen (Openbare en Ontwikkelingsbestuur).

Mnr. E Human, (Direkteur: Fisiiese Fasiliteitsdienste) is onder die nie-akademiese personeellede wat met Langdienstoekennings vereer is. Die ander is mee. JH Viljoen (Botanie), MC du Toit (Maatskaplike Werk), HC Langenhoven (Openbare Betrekkinge) en B Rademeyer (Stralingsonkologie) asook mnre. E Jacobs (Rekenaarwetenskap), HJ Karstens (Instandhouding), J Lakay (Instandhouding), L Arnolds (Landbou), P Silverstein (Siviele Ingenieurswese), RJ Baardman (Botanie), VJ Wollow (Wiskunde), JM de Kock (Chemie), CH Terblanche (Batebeheer), FG Carolissen (SMD), SDJ Paulsen (Administratiewe Interne Diens), DJ Christians (Menslike Bewegingskunde), CJA Davids (Ingenieurswese) en HJJ Koch (Bou & Instandhouding). •

Amerikaner kom hernu haar Matie-familiebande

'n Amerikaanse meisie uit Kalifornië wat in die afgelope jaar op Stellenbosch gestudeer het, is nou die vierde geslag uit haar familie wat Maties was.

Toenella Boshoff vroeg in 1995 'n Matie geword het, was Afrikaans nie vir haar 'n struikelblok nie. Sy was net twee jaar oud toe haar ouers sowat 20 jaar gelede VSA toe geëmigreer het, maar in al die jare daar het dié gesin steeds Afrikaans as huistaal behou.

"Wie sal ooit Afrikaans verleer as jy op Stellenbosch klas geloop het by professore Fransie Malherbe, Willem Kempen, Erlank en Meyer de Villiers," vra Fenella se ma, mev. Noeline Boshoff wat B.A. (1959) en M.A. in Sielkunde (1961) op Stellenbosch behaal het.

Fenella was in die afgelope jaar in Huis ten Bosch tuis in die kamer net langs dié waarin ma Noeline (geb. Minnaar) destyds gebly het. En soos haar ma meer as 30 jaar gelede, was Fenella ook 'n geesdriftige BTKaner.

Soos haar suster, Najore, broer Nico en pa Gustav, wil Fenella ook in die geneeskunde studeer.

"Terwyl ek gewag het om hiervoor universiteitstoelating in Kalifornië te kry, het my ma voorgestel dat ek my familie-en Afrikaanse kultuurbande op Stellenbosch kom verstewig." Sy het onder meer klasgeloop in Afrikaans en Afrikaanse Kultuurgeschiedenis. "Nou kan sy my baie dinge oor ons Afrikaanse kultuur leer wat ek nooit geweet het nie," sê mev. Boshoff.



Fenella Boshoff en ma Noeline voor Huis ten Bosch terwyl Noeline uit Amerika op Stellenbosch kom kuier het.

Fenella se Matie-bande strek terug tot by haar oupa, ds. PJJ Boshoff, wat in die Anglo-Boereoorlog 'n Vrystaatse krygsgevangene op Ceylon was. Haar oupa, Nico Boshoff, was ook 'n Matie. (Pa Gustav het ingenieurswese op Wits en later in die VSA in die geneeskunde gestudeer).

Aan Fenella se ma se kant was haar ouma, Sarie Minnaar (gebore Du Plessis) ook 'n Oud-Matie. Háár broer, Nick, was 'n Matie- en Springbok-rugbyspeler, deur wie Fenella 'n verlangse familielid is van die huidige Springbokbestuurder, Morné du Plessis. Fenella is baie lief vir sport en het op hoër skool vir die eerstespan geswem en tennis gespeel.

Mev. Noeline Boshoff was een van die eerste Maties wat 'n M.-graad in Voorligtingsielkunde behaal het. Onder haar ou studentevriende is haar destydse Matie-kamermaat, Bettie Niehaus (geb. Louw) nou van Riversdal, prof. Betsie Nel (afgetree by Sielkunde, US), prof. Danie du Toit (Teologie, US) en sy vrou, en (in die eertydse Transvaal) mense soos Alet Murray (geb. Steyn), Corrie Schumann (geb. De Waal), Miemsie Germishuys (geb. Smit), Danie Roos en talle ander. •

Personeel-prestasies




Prof. Piet du Plessis (Departement Ondernemingsbestuur) het 'n toekenning van R50 000 by die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) gekry. Hy gebruik dit vir 'n projek getitel "Towards improving national, social and economic benefits through enhanced utilisation and management of the offshore resources of the South and West coast of South Africa."

Prof. Du Plessis is ook onlangs vir 'n tweede termyn tot president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bestuurswetenskaplikes verkies. Dié termyn strek tot einde 1997.



Prof. Izak van der Merwe, voorsitter van die Departement Geografie, is die eerste president van die nuwe Vereniging van Suid-Afrikaanse Geografe, wat tot stand gekom het met die amalgamasie van die Suid-Afrikaanse Geografiese Vereniging en die Vereniging vir Geografie. Hy sal twee jaar in die amp dien.

Oud-Maties skenk sewe werke



Fiesta (Funchal, Madeira) deur Irma Stern. Dit is een van die vyf kunswerke wat Oud-Matie prof. Ernst van Heerden van Johannesburg aan die Sasol Kunsmuseum geskenk het.



*Landskap met berge,
SWA (1930) deur JH
Pierneef.*

Die Universiteitsmuseum het in die afgelopende jaar 28 kunswerke ryker geword. Ongeveer die helfte daarvan is geskenk en die res "teen billike pryse bekom," sê prof. Muller Ballot, Direkteur van die Museum.

Prof. Ernst van Heerden, gevierrede digter van Johannesburg, het 'n keurversameling van vyf werke deur Suid-Afrikaanse kunstenaars aan die Sasol Kunsmuseum geskenk. Dit sluit vier skilderye en 'n bronsbeeld in.

Die vier skilderye, almal in olie, is van Pieter Wenning, Irma Stern, Maud Sumner en JH Pierneef. Die bronsbeeld is deur Moses Kotler gemaak. Al vyf die kunstenaars is reeds oorlede. Dié werke word tot in Februarie saam met die ander nuwe aanwinstes van 1995 in die Sasol Kunsmuseum uitgestal.

Dit is die eerste keer dat 'n werk van Wenning in die Universiteit se besit kom. Dié werk, *Stormdag in die Kaap*, is voltooi in 1919, sowat twee jaar voor dat Wenning in 1921 dood is.

Prof. Van Heerden, 'n afgetrede dosent by Wits, het dié werke oor 'n lang tyd versamel. Hy is 'n Oud-Matie en eertydse dosent in Afrikaans (Opvoedkunde) aan die Universiteit, en het ook vroeër vanjaar 'n eredoktorsgraad van die US ontvang.

Nog 'n Afrikaanse letterkundige en Oud-Matie, prof. Hennie Aucamp van Kaapstad, het 'n kunswerk uit sy versameling aan die Universiteitsmuseum geskenk. Dit is 'n potloodtekening, *Renperd en ruiter* (1980), van die kunstenaar Wim Blom. Prof. Aucamp is 'n afgetrede hoof van die Departement Afrikaans (Opvoedkunde) aan die US.

'n Kaapse toneelspeler, mnr. Limpie Basson, wat ook 'n Oud-Matie is, het 'n olieverfskildery van Bettie Cilliers-Barnard geskenk. Dit is 'n waardevolle toevoeging tot die Universiteit se tien werke van dié kunstenares, waarvan een vroeg in 1995 van haar gekoop en nog ses vir 'n onbepaalde tyd in bruikleen aan die museum beskikbaar gestel is. Caroline van der Merwe het 'n marmerbeeld deur haarself aan die Museum geskenk.

Die aankope sluit werke in van Andrew Verster, Sydney Kumalo, Livingstone Goeni, Judith Mason, Alexander en Marianne Podlashuc, Vernon Swart, Edwine Simon, Titia Ballot, Paddy Bouma, Lyn Smuts en Judy Woodborne.

Die Museum het twee werke van swart kunstenaars gekoop wat onlangs deel was van 'n uitstalling deur die Mmabana kultuursentrums in die US Kunsgallery in Dorpstraat. Verder het die Museum ook die twee werke gekoop waarmee Peet Pienaar ('n M.A.-student in Beeldende Kunste aan die US) 'n meriteprys gewen het op die Volkskas Atelier nasionale kunskompetisie (berig op bl.24). Die werke word tot in Februarie saam met die ander nuwe aanwinstes van 1995 in die Sasol Kunsmuseum uitgestal. •



*Die Departement Drama het drie presteerders opgelewer: mnr. Mark Graham, wat die Nasionale Vita-toekenning as Beste Regisseur vir sy produksies *Travels with My Aunt* en *Hamlet* ontvang het, prof. Temple Hauptfleisch (Direkteur van die Sentrum vir Teaternavoring en voorsitter van die departement) wat genooi is om lid te word van die advieskomitee vir die RGN se CURED-program (navorsing oor en bevordering van kulturele rekonstruksie en ontwikkeling), en mnr. Chris Vorster (deeltydse dosent en 'n M.Dram.-student) wat die Fleur du Cap-toekenning as Beste Student in 1994 ontvang het.*

International honour for ANTONIADIS



John Antoniadis, senior lecturer in piano at the Conservatoire, was a member of the jury of the first Horowitz international piano competition, held in the Ukraine during December.

The competition was held in Kharkov, a city with a large conservatoire. Mr Antoniadis gave a lecture-recital during the competition.

Vladimir Horowitz, the great pianist after whom the competition is named, was born in Kiev in the Ukraine in 1903. He died in 1991.

The invitation to John Antoniadis came as a result of a lecture-recital which he gave to the European Piano Teachers Association in London in July. His subject was the famous concert pianist Claudio Arrau, whose years of birth and of death was the same as Horowitz's. John Antoniadis studied under Arrau in New York in the 1960's, and met Horowitz there in 1965 when the maestro returned to the stage after an absence of more than a decade. •



Kevin Roberts, wenner van die Volkskas Bank Atelier Kunskompetisie, mnre. Neels Scholtz (hoofbestuurder: sakedienste van die Absa Groep) en Mike Myburgh (bedryfshoof, SAL) en prof. Muller Ballot.

MUSEUM maak geskiedenis

Die Sasol Kunsmuseum het een van Suid-Afrika se belangrikste kunsgebeure vanjaar aangebied: die prysuitdeling en uitstalling van die Volkskas Bank Atelier Kompetisie vir jong Suid - Afrikaanse kunstenaars.

Dit was die eerste keer dat die uitstalling in die Wes-Kaap en by 'n universiteit aangebied is. Al die voriges (behalwe 1992 in Durban) was in Johannesburg en Pretoria. Vanjaar se kompetisie was die tiende sedert dit in 1986 begin het. Dit is Suid-Afrika se grootste kunskompetisie.

Die SA Kunsvereniging het dié prestige-uitstalling van 90 werke deur 71 kunstenaars gekeur uit 'n groot aantal inskrywings van dwarsoor die land. Die Sasol Kunsmuseum het die uitstalling 'n maand lank aangebied. Prof. Muller Ballot, Direkteur van die Universiteitsmuseum, het dit geopen.

Kevin Roberts, 'n oudstudent van die Pretoriase Technikon, het as algemene wenner, onder meer 'n SAL-retoervlugkaartjie na Parys, R27 000 en verblyf in die Franse hoofstad gewen.

Onder die vier merieteprysenners is 'n Matie, Peet Pienaar. Nog vier Maties en Oud-Maties se werke is vir die kompetisie-uitstalling gekeur: Maghriet Beukes, Ena Carstens, Mark Coetzer en Alex Emsley. •

Die Kantoor vir Internasionale Betrekkinge (KIB) lewer 'n diens wat 'n wye spektrum van aktiwiteite dek: van raadgee oor die implementering van beleidsake tot daaglikse administratiewe take.



Mnr. Robert
Kotze



Me. Alison
April

Dié kantoor reël internasionale betrekkinge

Twee Oud-Maties en voormalige Studenteraadslede hanteer die kantoor. Mnr. Robert Kotzé is sedert die kantoor se ontstaan in 1993 aangestel, terwyl me. Alison April onlangs by hom aangesluit het. Hoewel die KIB binne die Afdeling Navorsingsontwikkeling funksioneer, word daar direk gerapporteer aan die Viserekotor (Akademies), prof. Walter Claassen.

Die KIB bestuur agt oorhoofse take:

- Dit koördineer en sorg vir skakeling met internasionale organisasies en instansies en hanteer ook die US se betrekkinge met buitelandse missies in Suid-Afrika en Suid-Afrikaanse missies in die buitenland.
- Samewerkingsooreenkomste met buitelandse universiteite is 'n belangrike aspek van die KIB se verpligtinge. Die kantoor is aktief betrokke by die totstandkoming van sulke ooreenkomste en praktiese procedures om dit in werking te stel en in stand te hou.
- Die kantoor is verantwoordelik vir die beplanning en uitvoering van alle programme vir buitelanders wat die US amptelik besoek. Dit geskied in noue oorleg met die Rektoraat en die instansie wat die besoek reël.
- Die KIB bied omvattende raad en deeglike hulp aan buitelandse studente en dosente by die Universiteit, US-dosente wat vir studie- en navorsingsbesoeke buitenland toe

gaan en Maties wat nagraads daar verder gaan studeer.

- Die KIB stel inligting beskikbaar oor internasionalisering en ander sake wat die internasionale mobiliteit van die universiteitsgemeenskap kan bevorder. Die KIB-inligtingsentrum en die verskeie publikasies is tot almal se beskikking.
- Die KIB hanteer die bekendstelling, navrae, aansoekvorms en korrespondensie van 'n aantal beurse of toekennings vir oorsese studie of navorsing.
- Die kantoor se aanbevelings is ook belangrik m.b.t. fondse vir oorsese studieverlof, besoekende akademici en internasionale skakeling.
- Van die interessante projekte waarby die KIB onlangs betrokke was, is 'n jeuguitruilprojek met 'n Duitse tennisclub, wat reeds tot wedersydse besoek tussen Stellenbosch en Duitsland gelei het. Die KIB beplan om in 1996 'n internasionale studente-organisasie op kampus te stig - vir buitelanders wat op Stellenbosch studeer.

In die afgelope jaar het die omvang van die KIB se bedrywigheid aansienlik uitgebrei. Met Suid-Afrika se toetreding tot die internasionale gemeenskap, sal dié tendens waarskynlik voortduur. Die KIB verseker deurentyd dat sy aktiwiteite tred hou met die nuutste verwikkelinge, plaaslik en in die buitenland. •

R300 000 vir studie oor waardekonflik

Ou Mutual het 'n borgskap van R300 000 oor drie jaar vir die program *Values in Action* (VIA) van die Sentrum vir Toegepaste Etiiek beskikbaar gestel. Die sentrum is in die Departement Filosofie.

Die program het 'n navorsings- en diensleweringskomponent en bestaan sedert die begin van 1995. Navorsing word gedoen oor die aard en omvang van waardekonflik in die Suid-Afrikaanse samelewing en oor strategieë om waardekonflik te besleg.

Die diensleweringskomponent behels lesings, seminare en werkinkels waarin die bevindings van dié navorsing met verskeie sektore in die bedryfslewe uitgeruil word, en beplanning oor die hantering en beslegting van waardekonflik met die betrokkenes gedoen word. •



Me Judy Gathercole, assistenthofbestuurder van Korporatiewe Ontwikkeling en Menslike Hulpbronne van Ou Mutual het dié maatskappy se borgskap van die VIA-program aan die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, oorhandig.


Buitelandse geld nou intensief gewerf

Die US Stigting gaan voortaan meer intensief vir die Universiteit fondsinsameling in die buiteland doen. Dit is 'n logiese stap, in die lig van die huidige internasionale welwillendheid teenoor Suid-Afrika.

'n Oud-Matie, mnr. Werner Scholtz, tot onlangs hoof van die Departement Buitelandse Sake se eenheid wat internasionale hulp aan die Heropbou- en Ontwikkelingsprogramme (HOP) koördineer, is by die US Stigting aangestel om fondsinsamelingsmoontlikhede vir die Universiteit in die buiteland te ontgin.

Die openbare en private sektore in die buiteland is as potensiële donateurs geïdentifiseer. Die Universiteit is goed geplaas om betrokke te raak by gesikte projekte wat - binne die raamwerk van die HOP - deur buitelandse regerings en multilaterale agentskappe van die Verenigde Nasies, die Europese Unie en die Statebond aan Suid-Afrika aangebied word.

Die verskillende rolspelers aan die Universiteit wat reeds by gemeenskapsdienslewering betrokke is, kan hier 'n bepalende faktor wees.



Oud-Matie mnr. Werner Scholtz, wat die Universiteit se fondsinsamelingsmoontlikhede in die buiteland gaan ontgin. Hy het M.A. (Staatsfilosofie) in 1967 aan die US behaal en is 'n oud-Helderberger. Sedert hy in 1968 'n diplomaat geword het, het hy gedien in SA missies in Brittanje, Uruguay, Bolivia, Oostenryk, Duitsland en Spanje. Sy dogter, Cora, is vanjaar 'n B.Comm. (Regte) finalejaarstudent aan die US.


Verder sal multinasionale maatskappye, meestal met filiale in Suid-Afrika, asook private filantropiese instellings onder meer bearbeï word vir finansiële steun aan die universiteit. Ook Oud-Maties wat in die buiteland woon, kan die US Stigting baie help om al hoe meer in die buiteland geslaagde fondsverwering te doen. Hulle kan waardevolle inligtingsbronne wees en, waar nodig, moontlik dien as fisiese steunpunte tydens mnr. Scholtz se buitelandse reise. Oud-Maties (en veral as hulle in die buiteland woon) wat belangstel om by die Universiteit se werkzaamhede daar betrokke te raak, kan met die US Stigting in verbinding tree by Privaatsak X1, Matieland, 7601; tel. 021-4919; faks 021-8084499; e-pos mss@matises.sun.ac.za. •

Die Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig aan tien US-dosente is onlangs vir die tweede jaar toegeken. Dit is daarop gemik om voortreflike onderrig aan die Universiteit te bevorder.

Die tien ontvangers vir 1995 (in alfabetiese volgorde) is: me. Ruth Bodenstein (Duits), mnr. Coen Calitz (Bedryfsielkunde), prof. Willie Conradie (Statistiek), dr. Phillip Henning (Pediatrie en Kindergesondheid), prof. Gerhard Lubbe (Privaatreë en Romeinse Reg), mnr. Willie Malan (Siviele Ingenieurswese), prof. Pieter Maritz (Wiskunde), dr. Johann Meyer (Sielkunde), prof. Ben van Rensburg (Mondbiologie) en prof. Kobus Visser (Fisika).

Die toekenning geskied nou volgens die beginsel dat al die fakulteite - afhangende van hulle grootte - nie elke jaar aan die orde kom nie.

Die ontvangers is o.m. gekies op grond van die kursusmateriaal wat hulle aanbied, enige aanvullende onderrigmateriaal wat hulle aanwend soos videoprogramme, rekenaargesteunde onderrigmateriaal, skyfies, transparante, e.d.m., terugvoerverslae oor hulle uit studentgeleidere en ander bewyse van hulle vernuwende werk of navorsing oor onderrig. •



Prof. Gerhard Lubbe



Mnr. Willie Malan



Prof. Pieter Maritz



Mnr. Coen Calitz



Prof. Willie Conradie



Dr. Phillip Henning



Dr. Johann Meyer



Prof. Ben van Rensburg



Prof. Kobus Visser

Tien dosente vir goeie onderrig



Me. Ruth Bodenstein

DF Malan Gedenksentrum, Danie Craven-stadion, binnesshuise tennissstadion, kunsgras-hokkieveld en Ou Mutual-sportsentrum; en studentedienste soos die (ou en herontwikkelde) Neelsie en die Tygerberg-studentesentrum. Restourasieprojekte sluit in die Jannie Marais-huis en Sasol Kunsmuseum (ou Bloemhof-skool). Die moontlikheid om ook



die ou Hoër Jongenskool-gebou (waarin Beeldende Kunste nou gehuisves word) tot sy oorspronklike glorie te laat herleef, word tans ondersoek.


Talle geboue is ook herontwikkel en opgegrader - o.m. die Ou Hoofgebou, De Beers-gebou, drie administrasiegeboue en vyf koshuise. Werk aan Huis de Villiers word binnekort voltooi.

Gespesialiseerde dienste-stelsels waarby die afdeling betrokke was, sluit in 'n hittepompstelsel vir goedkoper waterverhitting by koshuise, die nuwe POTS-telefoonstelsels (Stellenbosch en Tygerberg) en toegangsbeheerstelsels by koshuise en ander geboue.

Verder het die afdeling deur die jare gesorg vir infrastruktuur en terreinontwikkeling: paaie, brûe, damme, parkeer- en sportterreine, terreinverligting, elektriese en ander dienste-installasies, waterverspreiding, riolering en stormwater-dreinering.

Die breë kampusgemeenskap besef nie altyd die omvang van die projekte wat die afdeling in enige stadium hanteer nie, het prof Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf), met die viering van die kwarteeufees gesê. "Die totale waarde van huidige lopende projekte beloop R46 536 miljoen." Dit sluit o.m. in die nuwe gebou vir die Buitemuurse Afdeling op Bellvillepark (R8,5 miljoen), die omskepping van Huis de Villiers in selfonderhoudbende woonstelle (R5,5 miljoen), die nuwe gimnasium op Coetzenburg wat pas voltooi is (R2,5 miljoen) en herontwikkelingsprojekte soos die Fisikagebou (R4,7 miljoen).

Mnr JJ (Pottie) Potgieter was die hoof toe die afdeling in September 1970 ontstaan het. Na sy aftrede het die huidige hoof, mnr Willem Roos, die leisels in 1985 oorgeneem. Die personeelsterkte het deurgaans op die huidige getal van 14 gebly. •



FISIESE BEPLANNING

HET KAMPUS IN 'N KWARTEEU HERVORM




Die Afdeling Fisiese Beplanning, wat onlangs sy kwarteeufees gevier het, het in dié 25 jaar die kampus heeltemal hervorm met 390 projekte waarvan die huidige randwaarde R678 miljoen bedra.

Naas dié bouprojekte was die afdeling ook betrokke by beplanningsondersoeke en stelselontwikkeling, waaronder die Universiteit se eerste personeelformule (vroeë sewentigerjare) en 'n omvattender hulpbronnedondersoek (middel jare tachtig).

Verslae oor die Universiteit se langtermyn-ontwikkeling en oor strategiese beplanning is ook uitgebring, asook fisiese meestersplanne vir die verskillende kampusse van die Universiteit, 'n lokaalskuderingsprogram op die rekenaarnetwerk en (onlangs) 'n toegangsbeheer-stelsel vir koshuise.

Die afdeling was betrokke by die oprigting van akademiese geboue soos die Konservatorium, CGW Schumann en JC Smuts asook (op die Bellvillepark-kampus) die geboue van die Bestuurskool en Openbare Bestuur; ondersteuningsgeboue soos die JS Gericke-bibliotek en Seminaarsentrum; sewe koshuise (Helshoogte, Erica, Nemesia, Serruria, Hippocrates, Huis Macdonald en Goldfields); sportgeriewe soos die



US word deel van reuse-biblioteek

Die Universiteitsbiblioteek gaan moontlik binnekort oor 'n database van drie miljoen boeke en 18 000 tydskrifttels beskik. Dit sal die biblioteekmateriaal van al vyf Wes-Kaapse universiteite en technikons insluit.

Wes-Kaapland se vyf kampusbiblioteke (by die universiteite van Stellenbosch, Kaapstad en Wes-Kaapland asook die Kaapse en Skiereilandse Technikon) het in 1993 'n formele samewerkingsooreenkoms gesluit waarvolgens meer as 5 000 werkstasies elektronies verbind sal word.

Dié verbeeldingryke projek om bronre ge te del en sodoende maksimum toegang tot inligting tussen die vyf inrigtings moontlik te maak, heet Calico (Cape Library Cooperative). Die projek is die eerste in sy soort in Afrika. Slegs enkele soortgelyke projekte is al met groot sukses elders ter wêreld aangepak.

Artikels uit tydskrifte sal van een biblioteek na die ander gefaks kan word en as 'n boek van 'n ander biblioteek benodig word, sal dit binne 24 uur afgelewer kan word.

Die proses kan selfs ook verfyn word deur die elektroniese skandering van publikasiemateriaal wat dan direk aan 'n biblioteek se rekenarterminaal gestuur word. Dit sal biblioteke ook in staat stel om inligting maklik van buitelandse biblioteke te bekom.

Dié gebruik van inligtingstechnologie maak die *toegang* tot inligting belangriker as die *eienaarskap* daarvan.

'n Gerekenariseerde katalogus van al vyf die inrigtings se biblioteekbronre gaan beskikbaar wees. Die uitgebreide rekenarnetwerk bring mee dat die bykans 70 000 studente en personeellede volle toegang tot die gesamentlike bronreversameling sal kry.

Die Ford-stigting van Amerika het aanvanklik geld geskenk om die projek te ontwikkel.

Een van Calico se baie oogmerke is 'n inligtings-geletterdhedsprogram om mense te leer om inligtingsbronre maklik te ontgin, en hulle sodoende in staat te stel om beter besluite te neem. Readers Digest het vroeg in 1995 R3,6 miljoen hieroor aan Calico geskenk.

Uit die staanspoor is in ag geneem dat Calico selfs buite die universiteits- en technikonwese baie voordele vir die breër bevolking kan inhoud. Samewerking word beoog met meer as 300 Weskaapse biblioteke wat vir dié doel geïdentifiseer is - onder meer by skole en kolleges, staats- en nie-staatsin-

stellings, gemeenskapsbiblioteke en biblioteke in die handel en nywerheid.

Dit word selfs as 'n projek vir die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (Hop) beskou en sal as sulks geregistreer word.

Calico is die verantwoordelikheid van die "Western Cape Tertiary Institutions Trust" (WCTIT) bestaande uit 'n Viserekotor van elk van die medewerkende inrigtings. Biblioteeksamewerking is maar een van die projekte waaraan hulle aandag gee. 'n Raad van Direkteure, saamgestel uit die vyf inrigtings se biblioteekhoofde, rapporteer aan die WCTIT. Daar is sewe werkgroepe wat verskillende aspekte van Calico se werksaamhede behartig. •

Pous by Kweekskool



Pous Shenouda III van die Koptiese Kerk, een van die oudste Christen-kerke waaraan 30 miljoen mense wêreldwyd behoort, het 'n lesing by die Kweekskool aangebied. Dit was sy enigste universiteitsbesoek terwyl hy in Suid-Afrika was. Hy is hier saam met proff. Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier (links), en Hannes Olivier van die Departement Ou Testament. Die pous, 'n oudstudent van die Universiteit van Kaïro, is 'n argeoloog, talentvolle digter en skrywer en hy praat goed Engels, Frans, Arabies en Kopties. Hy het sy kerk se bisdom van Afrikasake in 1994 Johannesburg toe oorgeplaas. Verskeie universiteite het al eredoktorsgrade aan hom toegeken en die Browning-instituut in Amerika het hom as "die beste prediker ter wêreld" aangewys. •



Liza Stewart, 'n Joernalistiek-honoursstudent, was redakteur van die eerste uitgawe van die Departement Joernalistiek se nuwe tweetalige meningsblad Stellenbosch Joernalistiek Insig (SJI). Advertensie-inkomste maak die SJI moontlik. Dit gaan minstens een keer per jaar verskyn en is die eerste tweetalige tydskrif in sy soort wat in Suid-Afrika uitgegee word. •


M-Net het onderneem om 'n prys van R10 000 per jaar aan die Universiteit te borg, vir die finalejaarstudent in Ingenieurswese wie se projek of skripsie die meeste van vernuigte of oorspronklike denke getuig.

Dié prys is nou die Ingenieursfakulteit se grootste. Dit is ingestel ter nagedagtenis aan 'n oudstudent van dié fakulteit, mnr. Jac van der Merwe, wat verlede jaar in 'n vliegongeluk in Europa dood is.

Hy was in 1984 'n medestigter van M-Net,

'We hold in our minds fondly a picture of Jac, tie loosened and jacket long ago shed, rolling up his sleeves, cracking a joke, and then proceeding to make the most complicated concepts simple.'

- Viacom Inc and MTV Europe (New York)



Wyle mnr. Jac van der Merwe

Nuwe prys huldig briljante Oud-Matie

tot wie se tegnologie hy 'n baanbrekersbydrae gelewer het, o.m. as hoof van die maatskappy wat die M-Net-dekodeerde ontwikkel het.

Prof. Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf) en ouddekaan van Ingenieurswese, het met die aankondiging van die prys vertel dat Nasionale Pers hom destyds gevra het vir sy knapste student. Dit was Jac van der Merwe, wat by Nasionale Pers deeglik sy merk gemaak het voordat hy M-Net se rekenaaronderbou gevestig het.

Mnr. Van der Merwe se weduwee, May, en M-Net se uitvoerende hoof, mnr. Gerrie de Villiers ('n seun van oudrektor prof. Jannie de Villiers) was by toe M-Net-voorsitter mnr. Ton Vosloo die prys aangekondig het. •

Prof. PW van der Walt (dekaan van Ingenieurswese) saam met mnr. Gerrie de Villiers, prof. Christo Viljoen en mnr. Ton Vosloo met die aankondiging van die prys.



Promosie-berig

Inligting laat die wêreld draai!



Die spilpunt van die wêreld is inligting.

Dit verseker dat maatskappye en individue 'n voorsprong het bo dié wat dit nog nie reg benut nie. Sabinet is die grootste verskaffer van intydse en bibliografiese inligting in Suidelike Afrika en betree nou ook die volksterrein met databasisse soos die Elektroniese Staatskoerant. As die leier in inligtingsfasilitering in Suidelike Afrika bied Sabinet kliënte toegang tot meer as 200 miljoen inligtingsitems op plaaslike en internasionale databasisse.

Sedert sy ontstaan in 1983, het Sabinet die mededingende voordeel gebied aan 'n wye reeks akademiese, regerings- en sakegebruikers. Toenemend benodig meer eindgebruikers en klein besighede ook Sabinet se tipe inligting. Dit bedien

ook kliënte in naburige lande soos Botswana en Namibië en internasionale belangstelling neem vinnig toe.

Toegang tot Sabinet se dienste is maklik. Voornemende gebruikers benodig slegs 'n PC en 'n modem. Indien 'n instansie reeds met Internet, UniNet, OpeNet of X.25 gekoppel is, is dit soveel beter! Al Sabinet se dienste is direk beskikbaar via enige TCP/IP-netwerk.

Sabinet het 'n buigbare prysstruktur wat gebaseer is op toegang tot inligting en nie eienaarskap daarvan nie. Gratis opleiding word ook deurlopend aangebied en die Sabinet-span gee graag raad en ondersteuning vir al sy dienste.

Die Universiteit van Stellenbosch het 'n noue verbintenis met Sabinet en was 'n stigterslid daarvan. Die Universiteitsbiblioek het onlangs pionierswerk gedoen deur Sabinet vir US-dosente en -studente oop te stel. •

RG spog met indrukwekkende

imus Juvenalus (1e eeu n.C.)

GIMNASIUM

Aan die voet van Stellenboschberg met die Pieke wat agter in Jonkershoek uittroon, waar eikelanings by die kinkel van die Eersterivier bymekaarkom, met wellige grasgroen sportvelde wat eenkant tot oor die bult kruip en met Tafelberg ver op die gesigseinder aan die ander kant, is die nuutste trots van Matieland pas ampelik geopen - die indrukwekkende US-Gimnasium.

Die gimnasium, wat in die Menslike Bewegingskunde-gebou op die skilderagtige Coetzenburg gehuisves word, bestaan reeds vyf jaar. Toenemende belangstelling onder studente, personeel en die publiek, 'n behoefte aan gespecialiseerde oefengeriewe en konserwatiewe finansiële bestuur, het pas geleid tot 'n omvattende vergroting en verbetering van die gimnasium.

Die gevolg? Waarskynlik die beste universiteitsgimnasium in die land, toegerus met uiters gespesialiseerde apparaat en beman deur personeel van sowat 25 opgeleide instruktors. Boonop het die nuwe uitbreiding van bykans R3 miljoen nie uit US-fondse of staatsubsidies gekom nie, maar alles uit die gimnasium se eie fondse!

Sportmanne en -vroue asook sportspanne (ook van die buitenland) wat reeds die geriewe gebruik het, is gaande daaroor.

Daar is nou onder meer 'n junior rondte, 'n sportfiksarea en 'n kardiorondte, elk met 20 stasies, 'n superrondte met 15 stasies, been- en maag-oefenarea met onderskeidelik 13 en ses masjiene elk, 'n kraglokaal met 'n groot verskeidenheid masjiene en 'n spesiale area uitsluitlik vir gesinne. Daar is bykans 1 000 vierkante meter saalruimte (wat drie aerobiese sale met springvloere insluit) en die kleed-

kamers is met toesluitgeriewe en sauna's toegerus. 'n Gesondheidskroeg en 'n spesiale speelkamer met die nodige toesig vir peuters en babas onderwyl die mammas oefen, rond die geriewe behoorlik af.

Die verhitte binnenshuise swembad, opgeknapte buiteswembad en vier muurbalbane word nou ook onder die toesig van die gimnasium bedryf.

Die direkteur van die gimnasium, dr. Jannie Malan, sê die gimnasium se uniekheid is sy dienslewering. "Ons glo primêr in die bepalings van die individu se behoeftes en die daaropvolgende regte benutting en toepassing van apparaat. Hier word die lede se welstand, gesondheid en behoeftebevrediging vooropgestel."

Gevollik verskil die gimnasium van die gewone kommersiële soort omdat dit afgesien van onverbeterlike geriewe vir die individu, ook spesiale programme aanbied - vir skoliere, sportspanne, ouer mense, herstellendes en selfs klein kindertjies. Laasvermelde program, toegerus met tien stasies of apparate, is hoofsaaklik daarop gemik om gesonde gewoontes by kinders te kweek.

"Mense met gesondheidsprobleme geniet spesiale aandag. Hulle word byvoorbeeld onder die wakende oog van 'n instrukteur getoets (cholesterolvlakte, vetpersentasies, bloeddruk, ens.) waarna spesifieke programme vir hulle opgestel word," verduidelik dr. Malan.

Hy sê die gimnasium speel in werklikheid 'n baie belangrike rol. "Nie net word hier navorsing en opleiding gedoen nie, maar talle studente wat nie aan georganiseerde sport wil deelneem nie, kom ook hierheen. Die gimnasium het reeds bykans 3 000 studente-lede."

"Dit is 'n plek waar hulle kan ontpas, met mekaar kan sosialiseer, en selfs kan meng met die breë publiek. Dit is 'n teenvoeter vir ongewenste uithangplekke - 'n plek waar sakgeld sinvoller bestee kan word."

Aan die ander kant, sê hy, is baie gesinne lede van die gimnasium en word die positiewe beeld van die studente só aan jonger kinders oorgedra. Die gimnasium is inderdaad 'n aangename en bekostigbare oefenfasiliteit.

Dit maak beslis van die kampus 'n geselliger en vriendeliker plek - 'n wonderlike bate vir alle studente, die sportmense, die US-personeel en die publiek. •

Deur Heloise Davis

Foto's: Anton Jordaan



COETZENBU

Oradum est ut sit mens sana in corpore sano **Jou gebed moet wees vir 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam** - De



'n Oud-Matie, mej. Sonja de Klerk van die Universiteit se Regshulpkliniek, is sover bekend die eerste in die land wat aan so 'n kliniek as prokureur gekwalifiseer het.

Die leerklerkskap as kandidaat-prokureur moes voorheen slegs by 'n privaat prokureursfirma deurloop word. Toe die wet hieroor verander is, het mej. De Klerk in 1993 as kandidaat-prokureur geregistreer, kort nadat sy LL.B. aan die U.S. behaal en by die Regshulpkliniek aangestel is.

Haar leerklerkskap het ook 'n praktiese eksamen behels - soos vereis deur die Wet op Prokureurs.

"Sy het bewys dat 'n mens aan 'n regshulpkliniek voldoende in die regspraktyk opgelei kan word," sê prof. Etienne le Roux, die kliniek se hoof en 'n dosent aan die Regsfakulteit. "In die afgelope twee jaar het sy 700 verskynings in die



Rede om breed te glimlag: mej. Sonja de Klerk en prof. Etienne le Roux.

Kliniek presteer met nuwe prokureur Duisende kry regshulp

straf- en siviele howe waargeneem - heelwat meer as wat enigiemand as kandidaatprokureur in 'n privaat praktyk sou konervaar."

Die Regshulpkliniek het in die laat tagtigerjare ontstaan. Prof. Le Roux is vanaf 1990 daaraan verbonde. Die doel daarvan is om gratis regsdienste aan behoeftige mense te bied, asook skoling en praktiese opleiding aan senior Matie-regstudente.

Sedert die kliniek gestig is, het die formele sake wat jaarliks gehanteer word vervierdubbel tot sowat 1 200, waarvan sowat 200 tot hofverskynings lei. Sowat 2 500 nuwe kliënte nader die kliniek elke jaar, maar baie kan met 'n eenmalige onderhoud gehelp word.

Naas prof. Le Roux, mej. De Klerk en 'n sekretaresse, word

die kliniek bedien deur 56 vrywilligers - almal vierde- en vyfdejaar-regstudente wat hul dienste gratis lewer. Prof. Le Roux kies hulle uit twee keer soveel aansoekers.

Die kliniek lewer sowat 5 000 diensure per jaar. Dit sluit sowat 6 000 regskonsultasies in.

'n Middeletoets verseker dat die kliniek se dienste slegs beskikbaar is vir behoeftiges wat glad nie regsdienste kan bekostig nie.

Goeie nuus: Vanaf 1996 borg die Regshulpraad nege kandidaat-prokureurs by die kliniek. Hulle sal in drie fases van drie elk by die kliniek aansluit. Die kliniek kry ook nog 'n prokureur as toesighouer.

Dit beteken dat die kliniek se werkzaamhede aansienlik kan uitbrei, o.m. na Somerset-Wes, die Strand en Grabouw. •

happens in a friendly environment, such as when the teacher tells a story.

Another technique is known as "the Silent Way", where the teacher is silent but supportive, thus inducing the learners to perform. In this situation they take risks and start composing stories and dialogues. Even timid pupils are seen to take risks in a non-threatening environment.

At a more advanced stage, information gap techniques enable learners to use language to bridge a communication barrier. They work in pairs under the watchful eye of the teachers.

Teachers who have applied the methods prescribed by the course, say it is a relaxed and exciting way to help youngsters learn another language. Even shy pupils participate on an equal footing with their extroverted peers. The success of the methods is due to the fact that the learning process is fun. Since 1992, CENEDUS has administered projects of more than R1,9 million. Starting English is one of four cur-

rent programmes through which CENEDUS has reached more than 4 900 teachers in 1995. The other three programmes involve initial reading, peace education and environmental education.

"We now need funding of R1,3 million to reach another 1 265 teachers with four more programmes," says Dr Albert Weideman, Director of CENEDUS. The additional programmes include one for the development of street schools for street children and a programme for teaching early mathematics.

Dr Weideman - who was appointed to the University early in 1995 - says CENEDUS has a proud track record in making available the University's academic expertise to the broader education community through innovative projects. "To deliver quality education to pupils, one has to aim at improving the professional practices of teachers. Teacher development is a key component of the reconstruction of education in South Africa." •



Dr. Jon Swanepoel

'n Kapenaar wat in Amerika met wiskunde-onderrig vir minderheid-studente presteer het en daar 'n groot stad se ereburgerskap gekry het, span nou sy ervaring aan die US in.

Dr. Jon Swanepoel het onlangs die Hoofprogramleier van die Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme aan die Universiteit geword. Hy is onder meer verantwoordelik vir die navorsing, ontwikkeling en aanbieding van die Universiteit se wiskunde-brugprogram vir studente uit histories benadeelde gemeenskappe.

Voor sy terugkoms Suid-Afrika toe was hy die koördineerder van die wiskunde-ondersteuningsprogram vir ingenieurstudente aan Cornell-universiteit in New York. Dié "Minority Foundation Programmes" bied hulp aan minderheidsgroepe - Amerikaanse studente van inheemse,

VSA se verlies word US se wins

Afrika- en Spaanse afkoms.

Jon Swanepoel het in 1994 sy doktorsgraad aan Cornell verwerf. Vir sy doktorsgraadstudie en -navorsing het hy in 1990 'n beurs gekry wat deur 'n Amerikaanse trust geborg is.

Voorheen het hy ook twee groot studiebeurse gekry. In 1984 bring hy met 'n beurs van die "British Council" besoeke aan universiteite en kolleges asook 'n groot wiskunde-bronnesentrum in Brittannie. En in 1989 volg hy aan die Universiteit van Kalifornië in Santa Barbara, VSA, 'n program in wiskunde-onderwysteorie - toegespits op die kulturele en politieke aspekte van wiskunde-onderrig.

In September 1989 het 'n Kaliforniese stad, Santa Cruz, ereburgerskap aan dr. Swanepoel verleen. Dié stad se burgemeester, me. Mardi Woumhoudt, het op die toekeningsplegtigheid gesê hy ontvang die eretitel vir sy pogings om agtergeblewe gemeenskappe in Suid-Afrika te help. Sy het dit ook beskryf as 'n gebaar van ondersteuning deur dié stad in die strewe na 'n beter Suid-Afrika.

Dr. Swanepoel het in Kaapstad gematrikuleer, in 1965 B.Sc. aan die Universiteit van Wes-Kaapland behaal en later aan die Universiteit van Kaapstad verder gestudeer.

Voordat hy in die VSA gaan woon het, was hy sowat 'n dekade aan die Skiereilandse Technikon verbond, onder meer as hoof van die Departement Wiskunde en Wetenskap en voorsitter van die Navorsingskomitee. Hy was ook die redakteur van 'n nuusbrief vir wiskunde-onderwysers, nasionale wiskunde-sameroeper vir technikons en voorsitter van die nasionale wiskunde-kurikuleringskomitee vir technikons.

Naas sy betrokkenheid by die US se Akademiese Ontwikkelingsprogramme, koördineer dr. Swanepoel nou ook die Universiteit se informele indiensopleidingsprogram vir wiskunde-onderwysers wat deur die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys (Iwwous) aangebied word. •

Learning language the 'natural way'

With rhymes, songs, illustrations, humorous wall charts and the total involvement of mind and body, children from schools in the Stellenbosch area are being introduced to the mysteries of the English language in the most natural way. On behalf of the Stellenbosch University's Centre for Education Development (CENEDUS), a part-time trainer, Ms Renee Nathanson, trains 85 teachers in using the Starting English course with primary school pupils in areas


such as Ida's Valley, Kayamandi and the Weber Memorial School in Jamestown.

The course employs the so-called Natural Approach that brings together many of the latest and most creative methods and ideas in language teaching. In one of the methods, called "Total Physical Response"

(TPR), learners respond to the teacher's instructions through their actions - often non-verbally. At the beginning there is no pressure on them to speak individually - they learn rhymes and songs in a group to protect them against the embarrassment of performing individually.

TPR relies on providing a rich language environment. Learners are exposed to language just slightly beyond their understanding. This will stretch their ability, especially if it

WIESE



Christo Wiese (54) het as vermaarde sakeman baie goeie jare agter die rug. Die beste van daardie jare, sê hy egter, was die vyf jaar wat hy as student op Stellenbosch deurgebring het.

Dit was die grondslag van 'n verbintenis wat in 1963 in sy eerste jaar as regstudent begin het en tot vandag toe strek.

Mnr. Wiese is vroeër vanjaar deur die Universiteit van Stellenbosch se studenteraad as Oud-Matie van die Jaar met erekleur vereer - een van die jongste Oud-Maties nog wat die toekenning gekry het. Hy is ook lid van die Universiteitsraad, die Raad se Uitvoerende Komitee en die Raad van Trustees van die Eeufeestrustfonds.

So sterk soos sy bande met die Universiteit is, so sterk is sy bande met sy ou koshuis, Wilgenhof. Hy is voorsitter van die Bond vir Oud-Wilgenhoffers.

Wiese se sake-prestasies is wyd bekend. Hy het Pepkor, die kleinhandelsgroep, in die 25 jaar wat hy daarmee verbind word tot 'n hoogs suksesvolle onderneming help bou wat nou internasionaal uitbrei.

Daar is ses genoteerde maatskappye in die Pepkor-groep:

- Pep Stores met meer as 'n duisend afsetpunte in SA.
- Walhold, die houermaatskappy van Waltons.
- Smart Centre, wat met 'n oorname verkry is.
- Cashbuild, ook met 'n oorname bekom.
- Tradehold (wat in 1991 saam met die kwynende Checkers-supermarkte oorgeneem is). Dit is nou die beheermaatskappy van die suksesvolle Shoprite en Checkers supermarkte.
- Brown & Jackson, wat in Londen genoteer is, het 200 winkels in die Poundstretcher-kettinggroep.

Daarbenewens is daar die ongenoteerde Stuttafords en Ackermans, tien fabrieke wat vir die Pepkor-maatskappy goedere vervaardig en Your More Store met 100 afsetpunte in Skotland. Die gekombineerde omset is R10 miljard.

Een van die belangrikste jongste prestasies was Boland Bank. Sedert mnr. Wiese self 'n paar jaar gelede beheer gekry het, het die bank met rasse skrede vooruitgegaan. Ook dié onderneming betree nou die internasionale arena.

Daarby moet ook gevoeg word: hy was 'n tyd lank praktiserende advokaat, is voorsitter van die Nywerheidsonderwys-Korporasie, was o.m. direksielid van die Reserwebank, Sasol, Sanlam en Santam en dien in die Ekonomiese Adviesraad. Hy het verskeie sake-toekenning ontvang, waaronder Die Burger se Sakeman van die Jaar in 1991.

Dit is 'n lang lys, maar min mense besef dat mnr. Wiese al as student die eerste tree op hierdie sukses-pad gegee het. Sy pa, Stoffel, was 'n stigtingsdirekteur van die eerste Pepwinkels in Upington se omgewing. Die gedagte was uit die staanspoor dat Christo na sy studies in die Pep-stal diens sou doen. Hy het egter al in sy derdejaar in universiteitsvakansies by die groep begin werk.

Mnr. Wiese as mens het 'n sterk streekgebondenheid. Dit is een van die redes waarom hy die Stellenbosse landgoed, Lanzerac, gekoop het. Dit weerspieël sy verbintenis met Stellenbosch en die Boland. Dit word nog verder versterk omdat hy sy hoërskool-loopbaan in die Paarl aan die Hoër Jongenskool deurgebring het.

"Maar vir iemand wat van Upington kom, strek die Boland eintlik maar oor die hele Wes-Kaap," sê mnr. Wiese. En hy het baie vertroue in Wes-Kaapland, wat genoeg potensiaal vir 'n groot toekoms het.

"Kaapstad is eintlik die hoofkantoor-stad," verduidelik hy. Die meeste van die groot kleinhandelsgroepe se hoofkantore is hier. Dieselfde geld die versekeringsreuse, die perswese en die groot oliegroepe.

"Daar is ontsaglike potensiaal. Daar is die natuurskoon, toerisme, die infrastruktuur vir hoëtegnologie-ontwikkeling. En dan moet mens nie vergeet van die voedingsbronne nie: ons het drie universiteite (met twee sakeskole) en twee technikons in die streek," sê mnr. Wiese.

Sover dit die Universiteit van Stellenbosch betref, glo mnr. Wiese die regte pad word gevolg. Standaarde kan nie prysgegee word nie. Die kampus is toenemend 'n weerspieëling van die SA werklikheid, maar daar sal altyd plek wees vir universiteite wat hoër standaarde uitleef.

"In Amerika kry mens die sogenaamde Ivy League-universiteite. Daar is in SA ook vir so iets plek. Daar sal twee of drie universiteite wees wat uittroon. Ek glo Stellenbosch is een van hulle," sê mnr. Wiese.

Sy streekgebondenheid blyk ook uit gerealiseerde stellings van hom dat hy geen behoefté het om die Wes-Kaap vir enige wêrelddeel te verlaat nie.

Hy het een keer by 'n handelskongres, op Lanzerac, net so positief oor vooruitsigte gepraat. Een skeptiese vraesteller wou weet of hy werlik so positief kan wees.

Mnr. Wiese het deur 'n venster gewys na waar werkers nuwe wingerd aanplant en geantwoord: "Dit is my wingerd daardie. Nuwe wingerd neem lank om te vestig. Ek sou dit nie gedoen het as ek nie werlik positief was nie."•

CHRISTO

'My vyf beste jare was op Maties'

Deur Oud-Matie PIET MARAIS,
Kaapse redakteur van Finansies &
Tegniek

GEOGRAFIE

vier driekwarteeu

Die

departement se
ontstaansgeskiedenis

is verweef met die vroeë geskiedenis van Suid-Afrikaanse geografie. Vertoe van die Victoriakollege (die Universiteit se voorganger) het daar toe geleid dat geografie in 1918 deur die Gemeenskaplike Matrikulasieread as 'n vak vir universiteitstoelating erken is.

Sedert 1914 is geografie op Stellenbosch deur nie-geograwe gedoseer: proff. SJ Shand (Geologie), W Blommaert (Geskiedenis) en EJ Goddard (Soölogie). In 1920 het die Departement Geografie tot stand gekom met prof. Piet Serton, 'n Nederlander, as departementshoof vir 38 jaar lank.

Van 1927 toe die eerste M.-graad toegeken is, was Serton die promotor vir 55% van alle gevorderde geografiegrade wat in die land toegeken is. Hy het ook as navorser 'n indrukwekkende rekord gehad.

Sy opvolger in 1958 was een van sy oudstudente, prof. Andries Nel ('n latere dekaan van Lettere en Wysbegeerte) onder wie se leiding die departement steeds sterk gegroei het. In 1963 het geografie 'n volwaardige B.Sc.-vak en in 1970 'n B.Econ.-vak geword.

Proff. Barnie Barnard, Carl Swanevelder en Izak van der Merwe het sedertdien as departementeel voorsitter opgetree.

Sedert 1920 het die Universiteit 3 800 B.-grade met geografie as hoofvak toegeken en 463 nagraadse geografiestudente het hier afgestudeer. Baie van hulle het hoëvlak-betrekkings aan universiteite en in die staatsdiens beklee: 26 Suid-Afrikaanse universiteitsprofessore en 11 aanstellings op direkteursvlak en hoër in die openbare sektor.

Gedurende 1969-'90 kon die departement spog met vier SA Akademie-bekronings - meer as enige ander geografiedepartement in die land.

Die departement het die leiding geneem met verskeie studierigtings wat aan die Universiteit ontstaan het. Prof.

Suid-Afrika se oudste geografiedepartement het pas sy driekwarteeufees gevier. Die Departement Geografie (vanaf 1996 bekend as Geografie en Omgewingstudies) het in dié 75 jaar diep spore getrap.



Serton het 'n aandeel gehad in die ontstaan van die Handelsfakulteit (nou Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) en was ook dekaan daarvan. Die departement was ook die basis vir die ontstaan van die departemente Afrikastudie (1965-1990) en Stads- en Streekbeplanning (sedert 1966).

Die Instituut vir Geografiese Analise gee sedert 1975 'n reeks atlasse uit wat 'n nasionale profiel aan geografiestudie op Stellenbosch verleen.

Die departement se naamsverandering vanaf 1996 dui op 'n verbreding van sy navorsing en opleiding na die omgewingsrigting.

Nog 'n vernuwing wat in die nuwe jaar intree, is twee gestruktureerde M.A./M.Sc.-kursusse. Albei spesialiseer in een van die volgende rigtings: Geografiese Inligtingstelsels, Stedelike Studies of Omgewingstudies.

Meer besonderhede hieroor is verkrygbaar van die Departement Geografie en Omgewingstudies, Privaatsak X1, Matieland, 7602. Tel. (021) 808-3218. Faks (021) 808-4336, E-pos: AK2@maties.sun.ac.za.

Musiekopvoedkunde kry rekenaarateljee

Die Departement Musiekopvoedkunde het nou 'n goed toegerugste ateljee vir rekenaargesteunde musiekonderrig (RGMO).

Daar is min sulkes in die land en dit is die eerste een vir musiekonderwysersopleiding in Wes-Kaapland.

Die RGMO-ateljee beskik oor vier sintetiseerders, 'n rekenaar, mikrofone en 'n klankmenger vir die maak van opnames. Die ateljee is in die Konservatorium, waar dié departement gehuisves is.

Die Universiteit se Sentrum vir Elektroniese Dienste (SED) het gehelp om die ateljee in te rig. Mnre. Paul Bailey en Le Roux Malan van die SED tree deurlopend op as MIDI (Musical Instrument Digital Interface) konsultante en as raadgewers vir die uitbrei van die ateljee.

Semesterkursusse in RGMO word aangebied in onderwysgerigte musiekkursusse soos B.Mus.Ed.I tot III asook B.Prim.Ed.I.

Die doel van die kursusse is drieledig. Eerstens word die studente bekend gestel aan die moontlikhede en doeltreffende benutting van elektroniese klavierborde en sintetiseerders, sodat hulle dit in die musiekkurrikulum in skole kan benut. Die Maties leer ook om tegniese vaardighede in



Studente van die Departement Musiekopvoedkunde in die nuwe ateljee vir rekenaargesteunde musiekonderrig.

die gebruik van spesifieke programmatuur te ontwikkel. En derdens word daar met behulp van Internet vir die studente geleenthede geskep om beskikbare programmatuur krities te evaluateer. •



Mevr. Marian de Wet en Marieken Swart en mnr. Kowie Stemmet met die SAARDHE-toekenning (voor) wat hulle ingepalm het.

Die Universiteit se Taallaboratorium is onlangs op 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Navorsing en Ontwikkeling in Hoër Onderwys (SAVNOHO) aangewys as 'n kategoriewinner in 'n kompetisie wat deur dié vereniging se Instituut vir Onderrigmedia uitgeskryf is.

Die doel van die kompetisie was om media-benutting in hoër onderwys te bevorder deur erkenning aan uitmunt-

TAALLABORATORIUM

presteer

tende kwaliteit oudiovisuele produksies oor onderwys en navorsing te gee. Personeel van alle hoër onderwysinrigtings, insluitende akademiese ondersteuningsdienste en oudiovisuele mediasentra, in Suid-Afrika kon deelneem.


Die Taallaboratorium ontwikkel multi-mediarekenaaprogramme in samewerking met die taaldepartemente vir gebruik deur studente van die betrokke taaldepartemente.

Twee van dié programme *Edith Piaf* en *Reported Speech* wat deur mev. Marian de Wet, bedryfshoof van die Taallaboratorium, as ontwerper en programmeerdeur in samewerking met mnr. Kowie Stemmet van die Departement Frans en mev. Marieken Swart van die Departement Engels onderskeidelik as vakkenners ontwikkel is, is aangewys as die wenners in die kategorie vir multi-media programme. •



Prof. Leon de Stadler

Afrikaanse tesourus nou elektronies



Afrikaans het nog 'n welkome hupstoot gekry: 'n rekenaarwoordeboek wat die lewenskragtigheid van die Afrikaanse taal weer eens dramaties demonstreer.

Dié geesteskind van prof. Leon de Stadler van die Departement Afrikaans en Nederlands is die *Groot Elektroniese Afrikaanse Tesourus* en is in Microsoft Word for Windows beskikbaar.

Dit is die rekenaarweergawe van sy *Groot Tesourus vir Afrikaans* wat hy verlede jaar die lig laat sien het en wat deur taalkenners as een van die belangrikste Afrikaanse publikasies nog beskryf word.


Prof. De Stadler sê daar word al kortweg - met die tong in die kies - na die elektroniese woordeboek as **GREAT** (*Groot Elektroniese Afrikaanse Tesourus*) ver-

wys. En dit is inderdaad "great" - dit kan die hinderlike herhaling van bepaalde woorde uitskakel deur ander woorde wat naastenby dieselfde betekenis het, uit te lig. Vir blokkiesraaiselverslaafdes is dit 'n wonderlike hulpmiddel, bruikbaar met die blote klik van 'n muisknoppie

Prof. De Stadler het dié mylpaal in die Afrikaanse taal bereik weens 'n ruim skenking van Rembrandt S.A.

Die rekenaartesourus is 'n stalmaat van die Afrikaanse spelkorregeerder, Proefleser 6, wat binne die Windows-omgewing as onderdeel van die woordverwerkingspakket, *Microsoft for Windows*, funksioneer.

Dié programme sal ook binne Windows 95 gebruik kan word en funksioneer net soos die Engelse spelkorregeerder.



Naas die spelkorregeerder beskik Proefleser ook oor 'n eenvoudige sinoniemlys en tweetalige woordelys, Afrikaans-Engels en omgekeerd. Die twee programme kan afsonderlik - of in 'n Afrikaanse programpakket - aangekoop word. Hulle sal ook later in CD-Rom beskikbaar wees. •

Huisvesting vir studente!



Skakel ons vandag nog vir die koop/verkoop, huur/verhuur van woonhuise of ander eiendom


Beproef die groepotensiaal van eiendomsbelegging in Matieland en die Wes-Kaap se besighede en plase.

TEL:
082 807 2828

Tisami
EIENDOMME • PROPERTIES

Meulpleingebou, Birdstraat, Stellenbosch

Kragtige instrument enig in SA



Die Universiteit het pas 'n kragtige hoëresolusie massaspektrometer in gebruik geneem wat enig in Suid-Afrika en een van min sulkes in die Suidelike Halfrond is.

Die instrument is teen sowat R1 miljoen uit Duitsland ingevoer. Die Stigting vir Navorsingsontwikkeling in Pretoria het 'n kwart van die koste bygedra, omdat die instrument as 'n streeksfasilitet ook deur die universiteite van Kaapstad en Wes-Kaapland asook ander Weskaapse navorsingsinstansies gebruik kan word.

Die instrument is by die Departement Chemie aan die US geplaas. Ander US-departemente wat dit onder meer kan gebruik, is Biochemie, Wingerd- en Wynkunde, Farmakologie (Fakulteit Geneeskunde) en Chemiese Ingenieurswese. Die Mediese Navorsingsraad, Soekor en die Navorsingsinstituut vir Wingerdbou en Wynkunde sal waarskynlik ook die instrument gebruik.

By die nuwe hoëresolusie massaspektrometer is prof. Ben Burger van die Departement Chemie aan die US, wat as een van die belangrike gebruikers van die nuwe instrument ook die gebruik daarvan sal koördineer.

Die nuwe massaspektrometer was reeds 'n geruime tyd nodig om belangrike navorsing (aan die US asook ander Weskaapse universiteite) in verband met insek- en soogdierferomone en die sintese van geurstowwe en ander organiese verbindings te laat voortgaan. Die US se vorige massaspektrometer was 20 jaar oud en het die einde van sy leeftyd bereik.

Naas die bestaande navorsingsprojekte bied die nuwe instrument ook nou navorsingsmoontlikhede in velde soos olie-eksplorasie in die see langs die kus, die verbetering van sintetiese brandstowwe en die afbreek van gevaarlike chemiese stowwe.

Die firma Wirsam en die vervaardiger, AMD van Duitsland, het die instrument teen 'n baie billike prys aan die Universiteit beskikbaar gestel. Sy vervangingswaarde word nou reeds op byna R1,5 miljoen beraam. Bykomende toerusting van sowat R600 000 word nog benodig om die massaspektrometer se volle potensiaal te kan ontgien. •

still operating. A membrane reverse osmosis plant at a seminar centre, previously owned by the University, still provides guests and staff with "city water" produced from the Theewaterskloof dam. This water was thought to be unfit for human consumption.

Reconstruction and Development

With the priority given by the Reconstruction and Development Programme to the provision of clean water for all South Africans, the Institute is currently focusing attention on the provision of potable water to the inhabitants of areas not served by reticulation systems. Plans are being formulated to evaluate membrane technology at several sites in places like rural Transkei. Students from the University are also studying the application of membrane

Sanderson and his colleagues and students endeavour to maintain international standards through ties with numerous international bodies.

Students from Russia, the United States, Turkey, China, Taiwan and Malawi and a number of overseas scientists have visited the Institute, one being Sidney Loeb, an eminent pioneer in membrane technology. Next year, Professor Timashev of the Karnov University - who was awarded a R70 000 travelling fellowship - will work at the Institute.

Dr Sanderson is an associate member of the international Macromolecules Commission and the African Association of Pure and Applied Chemistry, where, with Prof Makoana of the University of Botswana, he represents South African countries, including Zambia.

The staff of the Institute are mostly paid from outside the University, from research grants, sponsorships and private sector development funds.

Drs Ron Sanderson and Albert van Reenen are senior lecturers in the Chemistry department and in full-time employment of the University. Staff who are funded from outside include Drs Ed Jacobs, Scott Kuehl and Andy Roediger and Messrs John Engelbrecht and Siegfried Domröse. •

technology

FOR THE WELFARE OF SOCIETY

technology to clean up effluents so that they do not pollute the environment.

The Institute's expertise in this regard is widely recognised and Drs Sanderson and Jacobs have given plenary lectures at conferences in Ghana and Turkey on the supply of potable water to rural and unservices areas. They have also discussed the issue in various radio- and television interviews here and abroad and their work enjoys the support of the Water Research Commission and Eskom's Tertiary Educational Scheme.

Other applications of membrane separation include the separation of hydrocarbon gases in the fuel streams at Sasol to produce more valuable chemical reagents and products, and the use of membranes as catalysts to promote chemical reactions. Also, polymers are being used in decorative coatings and bursaries offered by the paint company, Plascon, are furthering the work in this field.

International standards

The Institute takes the view that South Africa should produce well-trained polymer scientists, technologists and managers to create its own new export products instead of buying licences for overseas technology. To achieve this, Dr

Stellenbosch polymer scientists Drs Ron Sanderson, left, and Ed Jacobs, right, with Prof M.M. Nindi (University of Botswana) and Prof Kiremire (University of Zambia) at the 6th International Chemistry Conference in Africa, held in Accra, Ghana, in August 1995.





There is an ever increasing sophistication in the size and design of membrane modules for water sterilization.

Harnessing research and

In South Africa, where basic research is often considered an unaffordable luxury, the Institute of Polymer Science at the University of Stellenbosch has demonstrated how the successful interlinking of academic research with industry, high technology and the Reconstruction and Development Programme can contribute to the welfare of society - from the enhancement of an essential resource at grassroots level to the establishment of international contacts and the development of new export products.

Polymer science involves the creation of large molecules out of simple building blocks and the use of these molecules to form a multitude of different products such as the plastics nylon, rayon and others.

The Polymer Institute focuses mainly on the development of these high technology membrane materials to filter out biological and chemical pollutants from water. They have now progressed to the point where the technology can be applied to one of the serious grassroots problems in South Africa, namely the purification of drinking water in rural areas in terms of potable water.

The significance of this work in a country with limited water resources, is widely recognised. The Water Research Commission, for instance, recognises the Institute as one of five South African centres of excellence for membrane research.

Other major successes flowing from the Institute's research products include the R24 million Mondi water treatment plant and the still to be completed R88 million Sasol waste-

water recycling plant - both based on membrane technology developed at the Institute.

The Institute of Polymer Science has been instrumental in establishing the only South African courses in polymer and membrane science, leading to honours, masters' and doctors' degrees, now part of the teaching curriculum of the University's Chemistry department.

Developing new technology

The director of the Institute, Dr Ron Sanderson, is a graduate from the University of Cape Town with a Ph.D. from Akron University in the United States. He laid the foundations of the Institute in the 1970's, together with Ed Jacobs, now the Institute's chief researcher and alternative director, and Andy Roediger.

On the academic level, the Institute offers to the Chemistry and other departments the infrastructure for the training of, and research by postgraduate students. From cooperation with other universities and research bodies in South Africa and overseas flows scientific papers that contribute to new technology.

On a practical level, the Institute then ensures the technological transfer of research results to aid industry and meet community needs. Industry can either be the end-user or manufacturer of the new technology. This leads to the development of new industrial processes, environmental clean-up processes, job-creation and import replacement.

From the outset, water has been a focal point of the Institute's research. New technologies have been developed for making membranes and for cleaning, sterilising and recycling water and effluent.

After some 15 years, membrane water-purification plants designed by the Institute and installed at the University, are


Twee van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling se ses gesogte Presidentstoekennings vanjaar het gegaan aan jong US-ingenieursdosente, dr. Chris Aldrich (Chemiese Ingenieurswese) en prof. David Davidson (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese).

Dié prestige-toekenning - ingestel in 1985 - gaan jaarliks aan net enkele top-navorsers jonger as 35 en verskaf geldsteun van tot vyf jaar. Elke toekenning word na die individuele ontvanger se behoeftes gesik. Dit kan gebruik word vir studietoere, studentehulp, navorsingstoerusting en ander benodighede wat help om die ontvanger se navorsingsbedrywighede te bevorder.

Vyf van die huidige 19 houers is US-dosente. Die ander drie is proff. Sakkie Pretorius (Mikrobiologie) en Frikkie Scholtz (Fisika) asook dr. Pedro Crous (Plantpatologie).

Dr. Aldrich is die derde personeellid van die Departement Chemiese Ingenieurswese wat die Presidentstoekenning sedert 1986 ontvang. Die vorige twee was prof. Jannie van Deventer en dr. Henk Viljoen, wat albei nie meer in diens van die Universiteit is nie. Prof. Van Deventer, wat nou in Australië woon, is steeds 'n besoekende professor aan die US.

Prof. Davidson (34) en dr. Aldrich (35) is albei oud-Gautengers. Prof. Davidson, wat in Londen gebore is, het



Prof. Davidson

Ingenieurswese spog met nog twee topnavorsers

in Pretoria skoolgegaan (matriek aan Pretoria Boys' High School in 1978 met vyf onderskeidings) en die grade B.Ing., Hons.B.Ing. en M.Ing. (almal cum laude) aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy is sedert 1988 in die dosentekorps van die US en het in 1991 sy doktorsgraad hier verwerf. In 1992 het hy medeprofessor geword.

Dr. Aldrich, 'n Vrystater van geboorte, het op Vereeniging skoolgegaan (matriek aan die Hoëskool Drie Riviere in 1978 met onderskeiding in al ses sy vakke). Hy het B.Ing. (Chemiese Ingenieurswese), M.Ing. (Metallurgiese Ingenieurswese) en 'n doktorsgraad in Chemiese Ingenieurswese op Stellenbosch verwerf. In 1992 is hy as senior lektor aangestel.

Naas sy vakgebied het dr. Aldrich 'n lewendige belangstelling in die antieke kulture en kuns en hy is lief vir die natuur. Hy is ook 'n goeie tennisspeler.

Die SNO se Presidentstoekenning stel belowende jong leiers in die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie, wat reeds 'n doktorsgraad verwerf het, in staat om hulle navorsing en opleiding plaaslik voort te sit.

Ontvangers moet bewys lewer van buitengewone potensiële. Hulle moet deur die internasionale navorsingsgemeenskap geëien kan word as toekomstige leiers op hulle gebiede. Dié jong presteerders word deur 'n proses van nasionale en internasionale eweknie-beoordeling geïdentifiseer.*



Dr. Aldrich

Gesondheid!

R5 miljoen vir 'n 'skoon, groen' wynbedryf



Die Suid-Afrikaanse wynbedryf het R5 miljoen aan die Universiteit beskikbaar gestel vir 'n Instituut vir Wynbiotegnologie. Die nuwe instituut is enig in sy soort in die wnwêreld.

Daarmee het die wynbedryf sy voorneme vir die nuwe millennium verklar en verseker dat SA wyne die 21ste eeu met behulp van 'n tegnologies aangedrewen bedryf betree.

"Ons oogmerk is voorpunt-tegnologie wat terselfdertyd omgewingsvriendelik is", sê prof. Sakkie Pretorius, wat as direkteur van die nuwe instituut sorg dat dit tot stand gebring en uitgebou word.

Die wynbedryf betaal vir dié nuwe pos. Prof. Pretorius beklee terselfdertyd nou 'n dubbele US-professoraat in Wynbiotegnologie en Mikrobiologie.

"Skoon en groen" is die wagwoorde waarmee die SA wynbedryf homself teen die jaar 2000 as een van die voorstes ter wêreld wil vestig, sê prof. Pretorius.

Toe die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, die wynbedryf se skenking van R5 miljoen in die Paarl ontvang het, het hy gesê dié inisiatief word wyd uit breë produsentegeledere en die georganiseerde groothandel van die SA wynbedryf ondersteun. "Vir die Universiteit beteken dit waardevolle steun en onderskraging van sy onderrig- en navorsingstaak in sy strewe na uitnemendheid."

Hy het gesê die nuwe instituut sal ten nouste by die opleiding van voor- en nagraadse studente betrokke wees.

Navorsing - gerig op die ontwikkeling van voorpunt-tegnologie - sal tot voordeel wees van die bedryf en die meer as 300 000 mense wie se welsyn van 'n internasional

"Vir die Universiteit beteken dit waardevolle steun en onderskraging van sy onderrig- en navorsingstaak in sy strewe na uitnemendheid."

mededingende wynbedryf afhanklik is. Dit stel die bedryf in staat om 'n wesenlike bydrae te lewer tot die Heropbou-en Ontwikkelingsdoelwitte wat deur die wynprodusente gestel is.

Die Suid-Afrikaanse wynprodusente se jaarlikse inkomste beloop R900 miljoen, en dra jaarliks uit BTW en aksyns bykans R1 000 miljoen tot die staatskas by.

Volgens prof. Pretorius streef die instituut na interdissiplinêre navorsing. "Ons bevorder spanwerk tussen die

Universiteit, die Navorsingsinstituut vir Wingerdbou en Wynkunde op Nietvoorbij en die Elsenburg-landboukollege."

Die ontstaan van die Instituut vir Wynbiotegnologie het ook geleid tot die stigting van Winetech (Wine Industry Network of Expertise and Technology/Kundigheid- en Tegnologie-Network vir die Wynbedryf). Die SNO, departemente van Landbou en van Handel en Nywerheid en die Wes-Kaapse regering is onder meer by Winetech betrokke.

Prof. Pretorius het wye ervaring in wynnavoring. 'n Hibried-gis, VIN13, wat in sy laboratorium ontwikkel is, is nou een van die top-wyngiste wat in die plaaslike bedryf gebruik word. Van sy ander navorsingsprojekte wat wye internasionale erkenning geniet, handel oor die genetiese verbetering van wyngiste en die rol wat dit moontlik in die skepping van natuurlike "groen" wyn kan speel.

In 1991 het prof. Pretorius die gesogte Presidentstoekening van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) gekry. Hy het ook die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Havengaprys vir Landbou ontvang sowel as 'n navorsingstipendium van die Alexander von Humboldt Stigting, die Ernest Oppenheimer Travelling Fellowship en die BP-navorsingsbeurs vir Landbou. In 1994 is 'n Rektorstoekening vir Voortreflike Onderrig aan hom toegeken.

Sy vrou, dr. Elize Pretorius, is die Assistentdirekteur van Navorsing aan die Universiteit. •



Prof. Andreas van Wyk, mn. Lourens Jonker, voorstander van die KWF, en prof. Sakkie Pretorius, op die stigtingsdinee van die Instituut vir Wynbiotegnologie by die KWF in die Paarl.

navorsingsartikels met mede-outeurs in die buitenland, soos aangedui in die SCI (Science Citation Index) van 1993: 124 met die Verenigde Koninkryk, 90 met Duitsland, 48 met Kanada, 37 met Israel en 30 met Australië. Daar teenoor is slegs 11 natuurwetenskaplike artikels gepubliseer met mede-outeurs in Namibië, drie met Zimbabwe, twee met Swaziland, en een elk met Mauritius, Kenia, Nigerië en Egipte. Daar is duidelik baie potensiaal om dié situasie te verbeter, veral op navorsingsterreine wat fokus op probleme wat eie aan Afrika is.

Maties in Afrika

Voorbeeld van samewerking tussen akademici en navorsers van die Universiteit van Stellenbosch en hul eweknie aan ander opvoedkundige inrigtings in Afrika is in dié vroeë stadium reeds bemoedigend. Dit sluit in:

Die Fakulteit Teologie bied jaarliks op 'n vaste basis 'n blokkursus aan by die Murray Teologiese Skool op Morgenster in Zimbabwe en bied ook van tyd tot tyd lesings aan by die Zomba Universiteit in Malawi en by die Justin Mwale Kollege in Zambië.

OOPUS (die Omgewings Opvoedkunde Program van die US) in die Fakulteit Opvoedkunde, onder leiding van dr. Danie Schreuder, is aktief betrokke, met die ontwikkeling van opvoedkundige materiaal oor omgewingstudie vir skole in Zimbabwe. Deur die IDRC (International Development Resource Corporation) van Kanada skakel OOPUS ook met 'n aantal akademiese inrigtings in Afrikalande.

Prof. Edith Katzenellenbogen van die Departement Menslike Bewegingskunde het 'n leiersrol gespeel met die stigting van die *African Association for Health Education, Sport, and Dance*, en is verkies tot Visepresident van die vereniging.

Dekane van die fakulteite Landbouwetenskappe, Bosbou en Veeartsenykunde van lande in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) vergader jaarliks om probleme van gemeenskaplike belang te bespreek. By vanaar se vergadering wat in Mei in Windhoek gehou is, was proff. Martin Hattingh (Dekaan: Landbouwetenskappe) en Rudi Bigalke (Dekaan: Bosbou) teenwoordig. Lg. dien in 'n vierman-werkgroep wat die koördinering van Bosbouopleiding in die SADC-streek beplan.

Die Departement Landbou-ekonomiese en Instituut vir Toekomsnavorsing doen 'n landboupotensiaalbepaling van die SADC-lande as 'n uitvloeisel van die Agrifutura projek. Die Departement Grond- en Landbouwaterkunde en Instituut vir Geografiese Analise lewer ook belangrike bydraes tot dié multidissiplinêre ondersoek. Gegrond op versyferde klimaat-, terrein- en grondtipe data en gewasbehoeftes behoort gesikte produksiegebiede vir verskillende gewasse en potensiële opbrengste vir verskillende vlakke van landboutegnologie bepaal te word.

Die Presbiteriaanse Sending het die Sentrum vir

Bybelvertaling in Afrika (in die Departement Ou Nabye Oosterse Studie) gevra om te help om Bybelvertalers in Mosambiek en Angola op te lei. Die Sentrum skakel ook met die United Bible Societies se spanne in Lusaka en Nairobi oor samewerking op navorsings- en adviesgebied. As gevolg van dit alles word die eerste kongres oor Bybelvertaling in Afrika in September 1996 op Stellenbosch gehou.

Taalkundige hulp aan Afrikalande geskied op verskeie terreine, soos die onderrig van Duits, waarvoor die Departement Duits hulp aan Namibië en Kameroen gee.

Die Instituut vir Polimeerwetenskap doen navorsing op watersuiwersinstallasies en goedkoop behuisingsmateriale - albei probleme wat die meeste Afrikalande raak.

In die Departement Siviele Ingenieurswese word die toekomst van damme, wat 'n aktuele Afrikaprobleem is, nagevors.

Dosente van die Departement Publiekreg is betrokke by konstitusionele ontwikkelingsproblematiek en menseregte.

Die Departement Chemiese Ingenieurswese is sterk betrokke by 'n verskeidenheid projekte wat veral gemik is op 'n beter omgewing asook 'n beter lewenspeil vir die kontinent se minderbevoordele mense. Die navorsingsprojekte sluit in die hantering van afvalstowwe in blokke; en die industrialisering van sonselenergie (PV-selle).

Geneeskunde- en Tandheelkunde-studente lever vir baie jare al in vakansies gemeenskapsdiens in buurlande, veral in Lesotho maar ook Malawi en Angola. Navorsing op tuberkulose deur die Departement Geneeskundige Biochemie, voedingsverwante navorsing deur die Departement Menslike Voeding, die invloed van fluoried in voedselstowwe (nagevors deur die Departement Gemeenskapstandheelkunde), en die invloed van die kou van betelneut op mondslymvliese (deur die Navorsingsinstituut vir Mond- en Tandheelkunde) is voorbeeld van Afrika-gerigte navorsing in die gesondheidswetenskappe aan die Universiteit.

Prof. Linda Human (Nagraadse Bestuurskool) werk reeds twee jaar saam met die Goree Instituut in Senegal om bestuurders vir nie-regeringsorganisasies op te lei. Sy het in 1995 vir vyf maande opleidingskursusse in Senegal aangebied.

Dit is dus duidelik: Die Universiteit van Stellenbosch het 'n magdom aan kundigheid - versprei oor 'n wye verskeidenheid van terreine - om in te span tot voordeel van Afrika en sy mense. Ons land se herwaardering van sy plek in Afrika, en van sy rol as 'n kardinale ontwikkelingskatalisator vir die kontinent, hou vir die Universiteit opwindende moontlikhede in. •

Die US reik uit na AFRIKA

Deur prof. Christo Viljoen,
Viserektor (Bedryf)

Suid-Afrikaanse akademici was in die afgelope dekades in baie vakrigtings redelik geïsoleer van hul eweknieë in die buiteland. Navorsing- en ontwikkeling-samewerking het grootliks sporadies en hoofsaaklik danksy persoonlike kontakte geskied. Kontak met eweknieë in Afrika was nog minder: Suid-Afrikaners het hul akademiese bande buite Afrika gesoek.

Sedert 1994 het dié situasie drasties verander. Suid-Afrika se historiese isolasie en vervreemding van ander lande in Afrika het bykans oornag verander. Baie Suid-Afrikaners besef nou dat ons nie 'n afgeleë en verlengde deel van Europa is nie, maar inderdaad 'n integrale deel van Afrika. Vir 'n aantal jare het Suid-Afrikaners redelik goeie verhoudinge opgebou met wat beskou word as Suid-Afrika se sewe onmiddellike buurlande: Namibië, Botswana, Lesotho, Zimbabwe, Swaziland en tot 'n mindere mate Malawi en Zambië. Dié bande het sin gemaak in die lig van geografiese, ekonomiese en ander praktiese oorwegings, en is gesmee danksy politieke versperrings. Die samewerking het ook sporadies en in 'n beperkte aantal vakgebiede voorgekom.

Nou is daar 'n toenemende besef dat - ofskoon Suid-Afrika se bande met die lande van Suider-Afrika van groot belang is - sy huidige ekonomiese, politieke en akademiese belang dwarsdeur die vasteland van Afrika strek. Dit word nie net van Suid-Afrika verwag om 'n leiersrol te speel op die vasteland waarvan dit deel uitmaak nie, maar dit is duidelik dat Suid-Afrika bereid en gretig is om dit te doen in die besef dat nie net welvarendes buurlande nie, maar 'n welvarend Afrika-vasteland tot almal se wedersyde belang strek.

In dié oopsig het Suid-Afrika (of van sy inrigtings) lid geword van verskeie multilaterale organisasies wat in Afrika funksioneer, waaronder die Organisasie vir Afrikanseenheid en die AAU (Association of African Universities). Suid-Afrika se toetredre tot SADC (Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap) skep geleenthede vir die ondersteuning van landbou-ontwikkeling in Suider-Afrika.

Studente uit Afrika

Vir die eerste keer kan Suid-Afrikaanse akademici en studente nou 'n onbelemmerde bydrae tot die Afrika-vasteland

maak, veral op dié terreine van die wetenskap (in die breë sin van die woord) waarop Suid-Afrikaners aan die voorpunt van ontwikkelinge staan en 'n leiersrol op die vasteland neem. Studente uit Afrikalande wat op Stellenbosch studeer, het in die afgelope tyd bemoedigend toegeneem.

Waar Maties uit ander Afrika-lande tot onlangs toe hoofsaaklik uit Namibië gekom het, verander dié situasie ook. In 1995 was daar 268 Namibiese Maties ('n hele klomp meer het dubbele burgerskap), maar studente uit 15 ander Afrikalande is ook na Stellenbosch getrek. Dit wissel van Kameroen, Ghana, Kenia en Sierra Leone, tot Soedan, Egipte, Zaïre en Uganda (afgesien van die onmiddellike buurlande).

Omdat die Fakulteit Bosbou die enigste in sy soort in Suid-Afrika en een van slegs twee op ons vasteland is, het die getal voorgraadse studente uit Afrika in dié fakulteit in die afgelope tyd aanmerklik toegeneem.

Drie personeellede van die Reserwebank van Malawi het vanjaar saam met Suid-Afrikaanse, Duitse en Nederlandse studente die gestruktureerde meestersgraad in Ekonomie gevolg. Hulle het goed aangepas en sê hulle het veral baie baat gevind by die kursus se toepaslikheid vir die Afrikaomstandighede.

Sentrale banke in minstens twee ander Afrikalande (Namibië en Uganda) wil in 1996 personeel stuur vir dié meestersgraadkursus, terwyl studente uit Tanzanië en Botswana baie belangstel.

SA 'n leier

Suid-Afrika is inderdaad 'n leier op die vasteland. Al het dit net 4% van Afrika se oppervlak en 4% van sy bevolking, bedra Suid-Afrika se BNP 22% van die Afrika-totaal. Ons nywerheidsopbrengs is 40% van die vasteland s'n en ons mynboubedryf 56%. Ons lever 51% van alle elektrisiteit op die vasteland en besit 40% van alle voertuie.

Die akademiese leiersposisie is ook duidelik: Suid-Afrika het 23% van Afrika se navorsings- en ontwikkelings- (N & O) wetenskaplikes en -ingenieurs. Van die vasteland se totale N & O-besteding word 47% in Suid-Afrika uitgegee en ons land het 17% van alle universiteitstudente op die vasteland.

N & O-samewerking met tersiêre inrigtings in Afrika is nogtans swak. Suid-Afrikaanse navorsers neig eerder om met eweknieë elders in die wêreld te wil saamwerk. Dit word bewys deur die getal Suid-Afrikaanse natuurwetenskaplike

MATIELAND 3:95

INHOUD

ISSN 0025 - 5947

JAARGANG 39 3 : 1995

Voorblad: Prof. Sakkie Pretorius, direkteur van die Universiteit se nuwe Instituut vir Wynbiotegnologie - wat enig in die wynaarwêreld is en waarvor die Suid-Afrikaanse wynbedryf R5 miljoen aan die Universiteit geskenk het. Lees die berig op bl. 4. Antenie Carstens het dié foto by die Bergkelder op Stellenbosch geneem.

Matieland word drie keer per jaar uitgegee en gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602, tel. (021)808-4633/808-4851; Adreslys tel. (021)808-4634; faks (021)808-4499.

Redakteur: Hans Oosthuizen

Redaksionele advieskomitee: proff. Walter Claassen (voorsitter), Christo Viljoen, Flip de Wet, Johan Groenewald en George Claassen; asook mnre. Johan Fechter, Sunley Uys, Douglas Davis en Hans Oosthuizen.

Ontwerp en uitleg: Robert Schultheiss, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US;

Drukker: Universiteit van Stellenbosch Drukpers.



Wiese se vyf beste jare - bl. 12



Coetzenburg spog weer - bl. 16



Kampus kry 'n nuwe gesig - bl. 20

MENING

Die US reik uit na Afrika	2
---------------------------	---

NAVORSING/RESEARCH

Gesondheid! R5 miljoen vir 'n 'skoon, groen' wynbedryf	4
--	---

Ingenieurswese spog met twee topnavorsers	5
---	---

Harnessing research and technology for the welfare of society	6
---	---

Kragtige instrument enig in SA	8
--------------------------------	---

KURSUSSE

Musiekopvoedkunde kry rekenaarateljee	10
---------------------------------------	----

Geografie vier driekwarteeu	11
-----------------------------	----

UITREIK

VSA se verlies word US se wins	14
--------------------------------	----

Learning Language the 'natural way'	14
-------------------------------------	----

Duisende kry regshulp	15
-----------------------	----

PROFIEL

Christo Wiese: 'My vyf beste jare was op Maties'	12
--	----

ONTSPANNING

Coetzenburg spog met indrukwekkende gimnasium	16
---	----

DIE KUNSTE/THE ARTS

International honour for Antoniadis	24
-------------------------------------	----

Museum maak geskiedenis	24
-------------------------	----

Oud-Maties skenk sewe werke	25
-----------------------------	----

ALLERLEI

Afrikaanse tesourus nou elektronies	9
-------------------------------------	---

Taallaboratorium presteer	10
---------------------------	----

Nuwe prys huldig briljante Oud-Matie	18
--------------------------------------	----

US word deel van reuse-biblioteek	19
-----------------------------------	----

Fisiese Beplanning het kampus in 'n kwarteeu hervorm	20
--	----

Buitelandse geld nou intensief gewerf	22
---------------------------------------	----

Tien dosente vir goeie onderrig vereer	22
--	----

Dié kantoor reël internasionale betrekkinge	23
---	----

Personele prestasies	26
----------------------	----

Amerikaner kom hernu Matie-familiebande	26
---	----

In Memoriam	28
-------------	----

Oud-Maties-reünies	30
--------------------	----



Are you
sure that you are
making the most of your offshore
financial resources?...

Tony Buckley has been managing Southern African clients' international funds for 14 years reporting to them personally during his frequent visits.

Complete confidentiality
 Your portfolio managed professionally by

successful offshore money advisers. The average annual growth achieved from a Medium Risk Sterling Portfolio during the past three years amounted to 18.4%*.

Low or no up-front charges, no tax deductions.

"Buy a home in Britain" service, with Bond finance.

Offshore trusts set up, bank accounts opened.

Client protection via professional indemnity insurance.

Tony Buckley and colleague Pam Beith will be visiting South Africa again during February 1996.

For free advice on your offshore affairs, without obligation, respond NOW...

AJ BUCKLEY

A S S E T
M A N A G E M E N T
L I M I T E D

Please send me more information

Please contact me when visiting SA.

Name
.....

Address

.....
.....

Postcode

Tel. (home)

Tel. (work)

Fax. No.

Mail to: AJ Buckley Asset Management Ltd.
Robuck House, Brighton Road,
Godalming, Surrey GU7 1NS
United Kingdom

For instant service:
Fax to 0944 1483 426 123 or
Telephone 0944 1483 426 300


*Source: AJ Buckley Asset Management Ltd
for the period ended 31/12/94.

Past performance is not necessarily a guide to future success. The value of investments and the income derived from them can go down as well as up and the investor may not get back the amount originally invested.

MTL/4

FYNBOS VILLAS

Die Victoriaanse Gastehuis met gehalte diens
Lieflike middedorp verblyf in Stellenbosch
Akkrediteer en aanbeveel deur Satoer



Bring 'n onvergeetlike besoek aan Fynbos as sakepersoon of toeris

5 min loopafstand na Universiteit,
Konservatorium, Historiese Middedorp,
Coetzenburg, Botaniese tuin en
Tradisionele Restaurante

Ruim Dubbelkamers en suite &
Privaat Familie Kothuis
met Tel, Faks, TV (M-NET), Ontbyt,
Mini Konferensies

Boomryke Tuin, Swembad, Braai,
Onderdak Parkering

Professionele diens vanuit moderne toegeruste
kantoor in Afrikaans/Engels/Duits

Skakel ons kantoor

TEL 021-8838670

FAKS 021-8838479

NEETHLINGSTRAAT 14, STELLENBOSCH
7600



S T E L L E N B O S C H


M i d d e b o s c h

"... eenmaal in 'n leeftyd..."

Hierdie beleggingsgeleentheid bied u die kans om eiendom in die hart van die historiese Stellenbosch te bekom.

Middebosch bied wooneenhede tussen Bo-Dorpstraat en die Eersterivier.

- Pragtige berguitsigte
- Boomryke omgewing
- Toegangbeheer
- Digby Coetzenburg sportterrein



Vir meer besonderhede kontak:

Anna Basson Eiendomme
Pleinstraat 33
Stellenbosch, 7600.
Tel. 021 - 887 4740
Faks. 021 - 887 3875

L U T Z
Ontwikkeling

Opgestel deur Horne Lutz Argitekte (Edms.) Bpk.